# Vlieg-Vlinder-Vlieg
# Kurrikulum en Leiersgids

## Vlieg-Vlinder-Vliegprojek
## om kinderhandel stop te sit

deur Diana Scimone, Karen Armistead en Georgia Ana Larson

Vlieg-Vlinder-Vlieg-kurrikulum
© 2010 Born to Fly International, Inc.
deur Diana Scimone, Karen Armistead en Georgia Ana Larson
Illustrasies © 2010 Leah Wiedemer

Gepubliseer deur Born to Fly International, Inc.
P O Box 664
Fort Mill, South Carolina 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

ISBN 978-0-9729507-6-3

Vertaal in Afrikaans deur Marie Smit (vilavreugde@gmail.com)
Erkenning aan Anna-Mart Bakkes vir die titel Vlieg-Vlinder-Vlieg

Spesiale dank aan die Born2Fly-toetsspanne in Bulgarye, die Dominikaanse Republiek, die Filippyne, Rusland en Thailand wat 'n loodsweergawe van die kurrikulum onderrig het en vir ons waardevolle terugvoering gegee het.

> Hierdie kurrikulum word opgedra aan die lede van my skryfgroep (Valerie Kosky, Karen Armistead en Deborah Cole), aan die opvoeders Karen Armistead en Georgia Larson, kunstenaar Leah Wiedemer, ontwerper Cathleen Kwas, en die baie ondersteuners van Born to Fly Internasionaal. Dankie dat julle my gehelp het om my droom, net soos Bloeiseltjie s'n, te bewaarheid.
>
> \- Diana Scimone, direkteur, Die Born2Fly-projek om kindermishandeling stop te sit.

# Inhoudsopgawe

Belangrike inligting oor fotokopieë, kopiereg en vertaling
ʼn Verwelkomings- en dankie sê-brief vanaf Vlieg-Vlinder-Vlieg.............. 3
Die Droom Groot-veldtog: ʼn Vennootskap................................................ 4
Gemeenskapsveldtog van die Vlieg-Vlinder-Vliegprojek.......................... 5
Oorsig van die Leiersgids en Kurrikulum ....................................................6
Hoe om nuwe aanbieders te kies en op te lei............................................. 7
Min verskil tussen kennis dra van ʼn saak en angs..................................... 11
Woordlose boekie: opsomming van verhaal………………………………. 12
Konsepposters............................................................................................ 19
Posters: Inligting oor mensehandel............................................................ 20
Sessie 1: Keuses het gevolge...................................................................... 23
Sessie 2: Ken jou ware vriende.................................................................. 31
Sessie 3: Jy is uniek, kosbaar, en werd om liefgehê te word....................... 36
Sessie 4: Wees geduldig, werk hard, en wag vir die regte tyd..................... 42
Sessie 5: Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie.... 47
Sessie 6: Hersiening en Toewyding............................................................ 51
Vlieg-Vlinder-Vlieg-hersieningspeletjie.................................................... 53
Leidrade vir die Vlieg-Vlinder-Vlieg-hersieningspeletjie........................... 54
Sertifikaat vir Toewyding........................................................................... 59
Bloeiseltjie se rol (aktiwiteit vir Sessie 4).................................................. 60
Evalueringsvorm vir aanbieders.................................................................. 61
Vir meer inligting....................................................................................... 64

## Belangrike inligting
## oor fotokopieë, kopiereg en vertaling

Die Vlieg-Vlinder-Vliegprojek se inligting is gratis beskikbaar, en jy kan dit aflaai nadat jy aanlyn geregistreer het. Ons vra jou om eers te registreer sodat ons kan weet wie die inligting gebruik. Gaan na www.born2fly.org waar jy gou kan registreer. Ons sal vir jou ŉ wagwoord stuur sodat jy die woordlose boekie, kurrikulum en ander inligting kan aflaai. Jy kan dit dan druk, en vir jou eie organisasie gebruik.

Moet asseblief dit nie met ander organisasies deel nie. Jy kan wel vra dat ŉ persoon van ŉ ander organisasie op ons webblad registreer. Ons sal ook met hulle dan saamwerk. Ons voel geëerd om hierdie antimensehandel-inligting gratis aan te bied, omdat dit deel van ons poging is om kinderhandel te beëindig. Ons vra egter dat ons eenvoudige prosedure gerespekteer word sodat ons kontrole oor ons inligtingstukke het. Baie dankie.

Ons wil almal aanmoedig om soos jy Vlieg-Vlinder-Vlieg aanbied, ook jou eie inligting en aktiwiteite soos dit in jou kultuur voorkom, by te voeg. Jy mag egter nie ons inligting, tesame met jou bykomende inligting, publiseer nie. Jy mag ook nie Vlieg-Vlinder-Vlieg se woordlose boekie oorteken, en dit dan publiseer nie. Ons kurrikulum en die woordlose boekie word deur internasionale wetgewing beskerm. Ons is egter bereid om ons inligting gratis tot jou beskikking te stel, en vra slegs dat ons kopiereg respekteer word.

Die kurrikulum is in verskeie tale beskikbaar. As jy dit in jou taal wil vertaal, kontak ons by info@born2fly.org.

## ’n Verwelkomings- en dankie sê-brief vanaf Vlieg-Vlinder-Vlieg

Liewe gemeenskapsleiers en aanbieders

Baie dankie vir julle samewerking om jongmense en kinders in julle gemeenskap teen mensehandel te beskerm. Ons is ook dankbaar dat julle jul tyd en kennis tot beskikking stel van hierdie aanbiedinge. Julle bydrae is baie waardevol. Julle sal baie lewens red deur kinders wat in gevaar verkeer, en jongmense in julle gemeenskap, te bereik.

Ons doel is om julle te help om ’n sesweeklange gemeenskapsveldtog teen kinderhandel te organiseer. Dit sal kinders en tieners inlig omtrent die leuens wat mensehandelaars gebruik. Julle sal hulle ook help om hulle daartoe te verbind om nie verhandel te word nie.

Kinders van alle ouderdomme is ’n risiko vir mensehandel – jong kinders, so wel as tieners. Dit is om hierdie rede dat ons hierdie kurrikulum saamgestel het om leerder-aanbieders op te lei. Tienermeisies en –seuns sal hierdie aanbiedings bywoon, en hulle sal dan julle ook kan help om dit aan jonger kinders oor te dra. Leerder-aanbieders is beide leerders en helpers. Soos hulle julle help, sal hulle die inhoud van die kurrikulum leer ken, asook ’n vaardigheid, naamlik om ’n aanbieder te wees, aanleer. Julle het dan ook ’n baie belangrike rol om te speel, naamlik om gedurende hierdie proses as hulle mentor op te tree.

Hierdie kurrikulum is ’n sesweeklange program vir aanbieders en leerder-aanbieders. Julle hoef egter nie hierdie model te gebruik nie. Gebruik wat die beste vir julle in julle situasie sal werk. Organisasies oral in die wêreld het hierdie inligting aangepas, en dit gebruik vir programme wat vir 5 dae, 5 maande, of selfs net een dag duur. Ons doel is om aan julle die inligting te gee om dit aan te bied, maar ons wil graag hê dat julle so kreatief as moontlik sal wees wanneer julle ons voorstelle aan julle gemeenskap, in ag genome hulle behoeftes, die ouderdom van kinders en almal se kosbare tyd, sal aanbied.

As julle enige voorstelle het oor hoe om hierdie materiaal te verbeter, sal ons bly wees as julle ons kontak. E-pos ons by info@born2fly.org, of skryf aan Born to Fly, P O Box 952949, Lake Mary FL 32795, USA.

Onthou: mensehandel sal nie stop voordat mense met moed, soos jy, nie ander mense aanmoedig om as individue, en ook as gemeenskappe standpunt in te neem om diegene wat blootgestel is aan mensehandel, te beskerm.

Dankie vir julle moed, tyd, ervaring en toewyding.

Hartlike groete
Die Vlieg-Vlinder-Vliegprojek

# Gemeenskapsveldtog van die Vlieg-Vlinder-Vliegprojek

Daar is twee baie belangrike dinge om te doen as jy 'n suksesvolle gemeenskapsveldtog teen mensehandel wil aanpak: identifiseer gepaste hulpbronne om as borge op te tree:
(1) sleutelfamilies, of bekende gemeenskapsleiers wat die veldtog sal ondersteun, en ook daarby betrokke sal raak, en (2) lei bereidwillige leiers op om die klasse aan te bied, beide vir die leerder-aanbieders, sowel as vir jonger kinders.

Daarna moet daar ŉ gemeenskapstaakmag vir die Vlieg-Vlinder-Vliegprojek verkies word. Daar moet ten minste 2 beplanningsvergaderings ŉ paar weke voor die aanvang gehou word om moontlike leerder-aanbieders vir die eerste Vlieg-Vlinder-Vliegklasse te werf.

Die eerste vergadering is ŉ algemene beplanningsvergadering vir die borge en gemeenskapsleiers. Die tweede vergadering sal vir die ouers en/of voogde van die jongmense wees wat die Vlieg-Vlinder-Vliegklasse moontlik sal bywoon.

Jy kan die persone wat die tweede vergadering moet bywoon persoonlik, of per brief uitnooi. Jy kan ook posters of strooibiljette in die gemeenskap versprei. Nog 'n metode is ŉ aankondiging oor die radio, televisie, of in ŉ koerant.

Posters, strooibiljette, briewe en media-aankondigings wat aan ouers, voogde of moontlike Vlieg-Vlinder-Vliegdeelnemers gerig word, moet die volgende inligting bevat:

- ŉ Verduideliking van die algemene inhoud van die Vlieg-Vlinder-Vliegklasse.
- Die bevestiging dat die doel van die program is om families te bemagtig om hulle familielede teen mensehandelaars te beskerm.
- Die spesifieke materiaal wat ten opsigte van jongmense gebruik gaan word, moet ter insae wees vir die ouers en/of voogde.
- ŉ Verduideliking van die gevare van mensehandel en spesifieke inligting omtrent die gevare in jou area.
- Verduidelik hoe Vlieg-Vlinder-Vlieg sal help om hulle kinders teen mensehandel te vrywaar.
- Noem die borge en die gemeenskapsleiers wat die projek ondersteun.
- Noem ook die venue, tyd en datum vir die vergadering.

# Oorsig van die Leiersgids

Sessie 1: Keuses het gevolge.

Doelwit van sessie: Wat is ŉ keuse? Wat is ŉ droom? Hoekom is dit belangrik om op skool te bly? Wat is ŉ gevolg?
Leerder-aanbieders: "Leer omtrent keuses en gevolge."
Woordlose boekie: omslag tot bladsy 25

Sessie 2: Ken jou ware vriende.

Doelwit van sessie: Wie is ŉ ware vriend? Hoe waardevol is jy vir hierdie ware vriend? Wat is ŉ "Droomdief"? Wat wil so ŉ persoon van jou af wegneem?
Leerder-aanbieders: goeie, beter en beste verhoudings
Woordlose boekie bladsye 26-34

Sessie 3: Jy is uniek, waardevol, en werd om liefgehê te word.

Doelwit van sessie: Hoe weet jy dat jy kosbaar is? Maak foute en slegte keuses jou minder kosbaar? Wat is onvoorwaardelike liefde? Waar is ŉ veilige plek vir jou om liefgehê te word, kosbaar en beskermd te voel?
Leerder-aanbieders: Wees beskermd, terwyl jy opgroei.
Woordlose boekie bladsye 27-53

Sessie 4: Wees geduldig, werk hard, en wag vir die regte tyd.

Doelwit van sessie: Wat is geduld, en hoekom is dit so moeilik om geduldig te wees? Hoekom is jou drome dit werd om voor te werk en te wag? Wie kan jou help om sterk te wees, terwyl jy geduldig is, hard werk, en wag vir die regte tyd om jou drome te bewaarheid?
Leerder-aanbieders: Verduidelik jou drome in woorde, en werk om dit te bewaarheid.
Woordlose boekie bladsye 54-68

Sessie 5: Jy is gebore om hoog te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie.

Doelwit van sessie: Wat is jou droom om te word, of om in jou lewe te doen? Wat of wie kan tussen jou en jou drome staan? Wie kan jou help om goeie keuses te maak om jou drome te bewaarheid?
Leerder-aanbieders: Bou jou droomspan.
Woordlose boekie bladsye 69-78

Sessie 6: Hersiening en Toewyding

Doelwit van sessie: hersieningspeletjie, pryse en posters om mensehandelinligting op te som, formele plegtigheid vir Sertifikaat vir Toewyding en armband
Leerder-aanbieders: Neem ŉ besluit. (sertifikaat, armband en speld, of serp)

## Hoe om nuwe aanbieders te kies en op te lei

As 'n leier sal jy leerder-aanbieders (tienerdogters en -seuns) oplei sodat hulle jou kan help om aanbiedinge vir die jonger kinders te doen. Gedurende hierdie proses sal die leerder-aanbieders self ook die materiaal moet leer. Die materiaal sal op die vlak van die aanbieder wees, en mag dalk te eksplisiet vir jonger kinders wees.

Dit is ŉ vyfpuntproses: uitnodiging, oriëntering, keuring, opleiding en die sertifikaatplegtigheid. Jy kan soveel leerder-aanbieders soos jy wil, kies. Ons beveel egter aan dat jy een volwasse leier en 3 opgeleide leerder-aanbieders vir elke groep van 7 jong kinders in die program sal hê. Opsie: jy mag ook besluit om nie die leerder-aanbieders vooraf te kies nie, maar in plaas daarvan die program aan al die tieners aan te bied, en dan 'n paar te kies wat as moontlike leiers uitgestaan het, en wat wel leiers wil wees.

Die onderwerp van hierdie kurrikulum is sensitief, dus sal dit beter wees om tienermeisies en tienerseuns apart te onderrig.

Stap #1: Uitnodiging

Nooi tienermeisies en –seuns uit na ŉ oriënteringsessie, waar jy hulle sal inlig omtrent die Vlieg-Vlinder-Vlieg-gemeenskapsveldtog, en ook oor hoe hulle betrokke kan raak. Ons beveel aan dat daar aparte oriënteringsessies vir seuns en dogters gehou word. Gebruik liewers hierdie uitnodigingsmetode in plaas van ŉ ope uitnodiging waar enigeen dit dan kan bywoon.

Wie sal jy uitnooi? Om ŉ leerder-aanbieder te wees, is ŉ eer, ŉ geleentheid en ŉ verantwoordelikheid. Wanneer jy dus moontlike leerder-aanbieders wil identifiseer, kyk na jongmense wat eerlik, betroubaar, geduldig en vriendelik teenoor jonger kinders is. Hulle moet ook spontaan en entoesiasties wees met ŉ goeie sin vir humor. Ons beveel aan dat jou leerder-aanbieders se ouderdom tussen 13 en 19 jaar is. As jy hierdie program in jou eie kultuur en omstandighede gebruik, moet jy egter aanpasbaar wees wat die ouderdom betref.

Jy sal deur middel van die uitnodigingsproses ŉ standaard daar stel waarvolgens jongmense sal verstaan dat om ŉ leerder-aanbieder in die VVV-program te wees, is ŉ eer, ŉ geleentheid en ŉ groot verantwoordelikheid.

Jy moet van jou oriënteringsessie ŉ baie spesiale geleentheid maak, soos byvoorbeeld ŉ ete, of ŉ uitstappie na ŉ spesiale plek. Dit sal die jongmense geëerd en opgewonde laat voel oor hulle besluit om betrokke te raak.

Hier is ŉ voorbeeldbrief wat jy as uitnodiging na die oriënteringsessie kan gebruik. Verander gerus die woorde sodat dit jou omstandighede en kultuur sal pas.

Liewe ...........

Jy word uitgenooi na ŉ spesiale dag vir ŉ klein groepie tienermeisies en -seuns in ons gemeenskap. By die geleentheid wil ons jou graag vertel van die opwindende gemeenskapsveldtog, Vlieg-Vlinder-Vlieg, om te help om kinderhandel stop.

Na die byeenkoms sal ons tiener-leerder-aanbieders kies om ons met die VVV-veldtog te help. Gedurende die veldtog sal ŉ VVV-spanleier toesig hou oor die werk, en die leerder-aanbieders help as hulle vrae of probleme het.

VVV-leerder-aanbieders sal ŉ geleentheid kry om iets baie belangriks vir die gemeenskap te doen, asook om hulle idees en optrede teenoor kinderhandel te verander.

As jy daarvan sal hou om ŉ geleentheid te kry om meer van hierdie opwindende geleentheid te wete te kom, RSVP asseblief.

Datum van vergadering:
Tyd:
Venue:
RSVP asseblief voor of op

Laat weet ons asseblief so gou as moontlik of jy graag hierdie geleentheid, wat net op uitnodiging geskied, sal wil bywoon.

Hartlike groete

Stap #2: Oriëntering

Gedurende die oriënteringsessie sal jy die probleem van kinderhandel in jou land en gemeenskap verduidelik. Bespreek hoe die VVV-gemeenskapsveldtog sal kan help om kinderhandel te beëindig deur hulle in te lig oor die leuens wat mensehandelaars gebruik. Verduidelik die volgende:

- Jy gaan ŉ sesweeklange gemeenskapsveldtog reël, waartydens jy jong kinders gaan opleiding gee.
- Jy soek leerder-aanbieders om daarmee te help.
- Daar is ŉ proses waarvolgens aansoek gedoen moet word.
- Jy sal tieners as leerder-aanbieders volgens sekere kriteria kies.
- Leerderaanbieders sal verplig wees om (1) ŉ sesweke-program by te woon voordat die gemeenskapsveldtog begin sodat hulle die materiaal kan leer, en ook leer hoe om dit aan te bied, (2) nog ŉ sesweke-program by te woon waar hulle sal help met die aanbieding, en om die jonger kinders te mentor.
- Hulle sal ook die opleidingsprogram moet bywoon, sowel as die sesweeklange gemeenskapsveldtog.
- As hulle meer as 2 sessies gedurende die opleidingsprogram misloop, moet hulle weer van vooraf begin. (Hulle kan dan ŉ volgende opleidingsprogram bywoon, of jy kan hulle persoonlik oplei, mits jy oortuig is dat hulle nog toegewyd is.)

- Hulle moet ook te alle tye hoë morele standaarde handhaaf, aangesien hulle met jong kinders werk. Indien hulle dit nie doen nie, sal hulle gevra word om die program te verlaat.

Elke leerder-aanbieder wat by die VVV-program aanvaar word, moet ŉ voltooide aansoekvorm in ŉ lêer hê. Jy moet ook ŉ toelatingsbrief van ŉ ouer, of ŉ voog in die geval van ŉ minderjarige persoon, kry. Dit geld vir minderjariges sowel as vir leerder-aanbieders. Die toelatingsbrief kan eenvoudig wees. Gee ŉ beskrywing van die venue en tye van die program. Die ouer of voog moet ook presies verstaan waaroor die VVV-program handel. Die persoon gee amptelik toestemming dat sy kind die byeenkomste kan bywoon.

Elke moontlike leerder-aanbieder moet so ŉ aansoekvorm invul. Gebruik die volgende vrae as riglyne. Voel vry om ander vrae ook by te voeg.

**Voorbeeld van aansoekvorm as leerder-aanbieder**

Naam:
Adres:
Telefoonnommer:
Name van ouers/voog:
Adres (ouers/voog):
Kontakbesonderhede van ouers/voog:

Geboortedatum:
Getal persone in die familie:
Graad in skool:
Geliefkoosde vakke op skool:
Stokperdjies:
Gereelde sport- en/of spanaktiwiteite:
Geloofs- en/of gemeenskapsgroepe waaraan jy behoort:

Werkservaring (waar van toepassing):
Vrywillige werkservaring (indien enige):

Onderwyservaring vir jonger kinders (formeel, of informeel, indien enige):

Hoe sal jou ouers daaroor voel as jy help om ŉ VVV-groep te lei?

Sluit die oriënteringsessie af deur jou gaste te bedank vir hulle bywoning. Lig almal in omtrent die datum waarop die leerderaanbieders gekies sal word, en hoe hulle in kennisgestel sal word.

Stap #3: Keuring

Die volgende karaktertrekke moet in ag geneem word wanneer jy jou leerder-aanbieders kies:
- toegewydheid
- hoë morele standaarde
- leierskap-potensiaal
- humorsin

- Hulle behoort dit te geniet om tyd saam met jonger kinders deur te bring.
- Hulle moet entoesiasties en onderrigbaar wees.

Kontak die tieners wat jy as leerder-aanbieders gekies het, en stel hulle ook in kennis wanneer die program in aanvang sal neem. Bemoedig diegene wat nie verkies is nie, en maak seker hulle is bewus daarvan dat hulle weer vir ŉ volgende sessie kan aansoek doen.

Stap #4: Opleiding

Verduidelik die sesweke-program aan die leerder-aanbieders deur die kurrikulum van Vlieg-Vlinder-Vlieg te gebruik. Lei die seuns en meisies in aparte groepe op. Jy sal die spesifieke vrae vir seuns en vir meisies deurgaans in die kurrikulum opmerk.

Onthou dat jou leerder-aanbieders nie net onderrig word hoe om materiaal oor te dra nie, maar ook dat hulle nog self die materiaal moet leer, want hulle is ook in gevaar om verhandel te word. Mentor hulle deur gereeld terugvoering te gee. Gee erkenning wanneer hulle goed doen. Jy moet raaksien as hulle goed doen, en prys hulle dan. Maar terselfdertyd moet jy ook opbouende kritiek gee om hulle reg te help. Dit mag ook nodig wees dat jy spesiale tye aan jou leerder-aanbieders bestee, buiten die opleidingstye, om hulle spangees te bevorder. Dit kan gebeur tydens spesiale uitstappies, of groepsaktiwiteite.

Stap #5: Sertifikaatplegtigheid

Daar moet ŉ sertifikaatplegtigheid aan die einde van die opleidingstydperk vir die leerder-aanbieders aangebied word. Betrek soveel mense van die gemeenskap as moontlik: ouers, jong kinders wat die klasse tydens die VVV-gemeenskapsveldtog sal bywoon, plaaslike leiers, en ander. Maak dit ŉ baie spesiale en belangrike aand, want dit sal entoesiasme vir die sesweke-veldtog wek.

By die plegtigheid moet elke leerder-aanbieder ŉ sertifikaat ontvang, en ook iets om as kenteken te dra, soos ŉ wapen, ŉ serp, ŉ hemp, ŉ speld, ens. Dit sal publisiteit aan die gemeenskapsveldtog gee, en sal ook die leerder-aanbieders as rolmodelle vir die jonger kinders vestig.

Gedurende die sesweke-veldtog moet jy gereeld vergaderings met jou leerder-aanbieders hê. Die doel hiervan is om die les, wat hulle sal aanbied, met hulle oor te gaan. Gebruik die geleentheid om te evalueer, terugvoering te kry, en hulle reg te help, indien nodig. Jy kan ook steeds jou gereelde uitstappies met jou leerder-aanbieders hê, wat vir jou meer tyd sal gee om hulle te mentor.

## Min verskil tussen kennis dra van ʼn saak en angs

As aanbieder wil jy graag hê dat jou studente bewus moet wees van die gevaar van mensehandel, maar jy wil darem ook nie hê dat hulle in angs moet verkeer nie. Daar is ʼn verskil tussen kennis dra van ʼn saak, en met angs vervul wees daaroor. Jy sal jou studente moet dophou terwyl jy onderrig gee om agter te kom wat hulle dink en voel. Hier is ʼn paar idees wat jou sal help om nie angs by jou studente aan te wakker terwyl jy hulle omtrent mensehandel onderrig nie:

Verdeel die kinders volgens ouderdomsgroepe, en wees spesifiek baie versigtig met die jongstes. Onthou, jy hoef nie die spesifieke woord "mensehandel" by die jonger kinders te gebruik nie. Ons voorsien inligting wat verband hou met mensehandel vir elke sessie. Gebruik liewers dit as jy daaroor wil praat. Andersins kan jy eenvoudig net die 5 gedragspatrone wat sal verhoed dat hulle verhandel word, noem. (Keuses het gevolge, ensovoorts)

As kinders bang is, praat met hulle daaroor. Jy kan individueel, of in ʼn groep met hulle praat. Dit hang alles af waarmee hulle gemaklik is. Hou ʼn dinkskrum, en praat oor watter spesifieke gedagtes hulle bang maak. Skryf elke vrees neer, en sê dat jy saam met hulle daardeur wil werk om hulle veilig te laat voel. Praat oor elke angsgevoel, en vra voorstelle van hulle kant af, wat sal help om hulle nie bang te laat voel nie. Die mentor-metode ("buddy system") kan hier gebruik word: Dit beteken dat twee persone vir mekaar verantwoordelik is. Sê altyd vir ʼn volwassene waarheen jy gaan. Dit beteken dat jy nie net moet hardloop en gaan speel nie, maar ook vir ʼn volwassene sê waar jy gaan speel. Dit sal ook help om altyd ʼn fluitjie of ʼn selfoon by jou te dra. Jou antwoorde sal van jou spesifieke omstandighede, die kinders se ouderdomme, en baie ander behoeftes, wat net jy kan vasstel, afhang.

Wanneer jy ʼn gevaar moet identifiseer, of daarteen waarsku, gebruik altyd ʼn teenvoeter, soos "Ek is so bly dat ek jou ma/onderwyser is, en jou hierdeur kan help. Jy gaan só ʼn dapper seun/dogter word." Op die vakgebied van berading en probleem-oplossing word dit die "realititeitsterapie" genoem. Die onderwerpe, soos persone en omstandighede wat angs veroorsaak, is werklik, en nie denkbeeldig nie (selfs al klink sommige van die kinderagtige reaksies vir volwassenes baie oordrewe). Die antwoorde wat jy verskaf, moet dus ook werklik wees, en moet ʼn omgewing van veiligheid, gesondheid en vryheid skep. Dit is die rede hoekom die VVV-antimensehandel-program spesifieke gedrag vir die kinders leer (soos om goeie keuses te maak, om ʼn vriend te vertel, ens.) sodat hulle teen mensehandel beskerm kan word.

Vra gereeld vir die kinders hoe dit met hulle gaan, en of hulle nog steeds bang is. Sorg dat jy hulle op ʼn veilige plek, waar hulle gemaklik voel om met jou oor hulle vrese te praat, ontmoet.

# Woordlose boekie: opsomming van verhaal

Lees die opsomming van die verhaal ten minste drie keer deur wanneer jy jou voorbereiding doen,. Vergelyk die opsomming met die woordlose boekie. Dit is slegs agtergrond-inligting vir jou. Moenie dit vir die studente voorlees nie. Bladsynommers is aangedui soos dit in die woordlose boekie van Vlieg-Vlinder-Vlieg voorkom.

'n Weergawe van die Vlieg-Vlinder-Vlieg-boek met woorde is beskikbaar as 'n e-boek by www.borntoflybook.com.

**Kort opsomming**

Papi vertel aan Bloeiseltjie en Max die storie: daar is slegs een oorblywende maanligboom in die wêreld – weggesteek in Heuwelrant, waar niemand nog ooit vantevore gewees het nie. Bloeiseltjie droom dat sy dit gaan soek, maar Papi sê sy is nie gereed nie, en moet eers klaarmaak met skool. Bloeiseltjie verlaat haar dorpie om haar droom na te volg. Dit is teen Papi se wens. In hierdie vreemde nuwe wêreld moet sy leer om ware vriende te onderskei van die bose Droomdiewe wat probeer om almal se drome te steel.

Aanvanklik kon sy die verskil agterkom, maar gou het sy die Droomdiewe vertrou, en het hulle haar ontvoer. Gedurende haar gevangeneskap het sy agtergekom watter foute sy gemaak het. Sy het ook die volgende geleer: (1) Keuses het gevolge. (2) Sy moet weet wie haar ware vriende is. (3) Sy is uniek, waardevol en verdien om liefgehê te word. (4) Sy moet geduldig wees, hard werk, en wag vir die regte tyd om haar droom te bereik. (5) Sy is gebore om te vlieg, en mag met niks minder tevrede wees nie. Bloeiseltjie slaag daarin om van die Droomdiewe te ontsnap. Maar sy is ontsettend bang toe sy agterkom dat daar agter op haar rug vlerke begin groei. Baie hartseer het sy teruggekeer na haar tuisdorp – in skande, en sonder die maanligboom se saad.

Papi sê sy kan weer probeer om die maanligboom te vind, maar eers nadat sy haar skoolloopbaan voltooi het. Hierdie keer is sy gehoorsaam, en nadat sy graad 12 geslaag het, het sy goed voorbereid op haar tweede reis vertrek. Weereens het sy vriende, sowel as vyande ontmoet, maar hierdie keer was sy reg vir hulle. Sy het die bose Droomdiewe oorwin, die maanligboom gevind, en het saad vir elkeen in die dorpie teruggebring. Bloeiseltjie se droom is bewaarheid.

**Volledige opsomming per bladsy**
(Bladsynommers verwys na die woordlose boekie)

**Bladsy 4 van woordlose boekie:** Papi sit ŉ ete voor aan Bloeiseltjie en haar broer Max. Max hou nie van die bakkie stokkiesop wat Papi aan hulle voorsit vir ete nie. Bloeiseltjie en Max help na ete skottelgoed was, en daarna vertel Papi vir hulle ŉ storie van lank, lank gelede toe daar nog maanligbome in die land gegroei het. Al die ruspers was gelukkig, want hulle kon maanligbredie vir aandete eet.

**Bladsy 5:** Papi vertel die storie: Gedurende een winter was dit baie koud. Dit het so baie gesneeu, dat al die bome toe was onder die sneeu. Daar was al minder maanligvrugte om te eet.

**Bladsye 6-7:** Papi verduidelik dat die jong ruspers baie honger geword het. Hulle het so koud gekry dat hulle maanligbome afgekap het om vuur te maak sodat hulle kan warm bly. Sedert daardie dag het Donkerwolk oor die land gehang. Dit was amper asof die land getreur het. Papi verduidelik dat daar geen maanligbome of maanligvrugte meer was om maanligbredie van te maak nie. Die ruspers moes stokkies bymekaarmaak om stokkiesop te maak. Silwerwind het egter een maanligboom wat nog lewendig was, gevind. Hy het ŉ saadjie van die boom gered, en dit op Heuwelrant geplant.

**Bladsye 8-9:** Die boom op Heuwelrant het vinnig gegroei. Wanneer dit volmaan was, blom die boom, en dra dan maanligvrugte. Maar daar woon niemand op Heuwelrant wat dit kan eet nie. Papi het sy verhaal klaar vertel. Bloeiseltjie en Max was baie moeg. Bloeiseltjie het vir Max in die bed gesit, en daarna self in haar eie bed gaan slaap.

**Bladsye 10-11:** Bloeiseltjie het haar met haar geliefkoosde kombers toegemaak, en aan die slaap geraak. ŉ Mens kon Heuwelrant deur haar venster in die verte sien. Silwerwind waai saggies by Bloeiseltjie se venster in, en sy droom dat sy na Heuwelrant gaan. Silwerwind dra haar na die enigste maanligboom ter wêreld. Bloeiseltjie is baie gelukkig om die boom te sien. Elke nag neem Silwerwind vir Bloeiseltjie na Heuwelrant om die maanligboom te sien.

**Bladsye 12-13**: Gedurende die dag dink Bloeiseltjie aan haar besoeke aan die maanligboom, en droom daarvan om maanligsade saam te bring. Sy wil dit plant sodat almal weer maanligbredie kan eet. Elke nag maak sy haar met haar geliefkoosde kombers toe, en droom daarvan om na Heuwelrant toe te gaan. Elke oggend vou Bloeiseltjie haar kombers op, soen Papi totsiens, en gaan na die Rusperskool toe.

**Bladsy 14:** Bloeiseltjie probeer aandag gee aan die klasse in die skool, maar al waaraan sy kon dink, is om die maanligboom te vind. Die ander ruspers het vir haar gelag. Gedurende die namiddae het sy stokkies bymekaar gemaak vir aandete, en daaraan gedink om na Heuwelrant te gaan.

**Bladsy 15:** Gedurende een nag, nadat Bloeiseltjie vir Max naggesoen het, vertel sy vir Papi hoe Silwerwind haar na Heuwelrant neem. Sy sê dat sy graag die maanligboom wil vind, en vrugte vir almal wil saambring om te eet.

**Bladsye 16-17:** Papi sê vir Bloeiseltjie dat sy in die skool moet bly, want sy is nog baie jonk. As sy graad 12 aan die Rusperskool geslaag het, kan sy probeer om die maanligboom te vind. Papi

vertel ook vir Bloeiseltjie van ander ruspers, wat voorheen die dorp verlaat het om te probeer om die maanligboom te vind. Hulle het belowe om met maanligvrugte terug te keer, maar in plaas daarvan het hulle met waardelose goed teruggekeer wat vir niemand behalwe vir hulself gehelp het nie.

**Bladsye 18-19:** Bloeiseltjie wou nog steeds gaan. Papi het haar na sy kantoor toe geneem, en haar maak belowe om vir niemand te vertel wat hy haar gaan wys nie. Papi trek ŉ mat weg, verwyder ŉ ouerige baksteen, en steek sy hand in. Hy trek iets wat baie oud lyk uit, en gee dit vir Bloeiseltjie. Sy maak ŉ rol van papier oop. Dit het snaakse letters en tekeninge op.

**Bladsye 20-21:** Bloeiseltjie en Papi het nie geweet wat die snaakse letters en tekeninge op die rol beteken nie. Bloeiseltjie kyk na die stuk flenterlap waarin dit toegerol is, en vra vir Papi, of dit sy kombers was. Hy antwoord baie hartseer dat dit wel sy kombers was. Hy draai dit weer om die rol, en sit dit terug in die wegsteekplek. Papi vertel vir Bloeiseltjie dat wanneer iemand die raaisel op die rol oplos, sal Donkerwolk verdwyn. Hy waarsku haar teen die Droomdiewe wat gewoonlik buitekant die hekke van die dorpie rondstaan. Hulle wil almal se drome steel. Hulle sal vir haar jok en bedrieg, en ook haar goed steel.

**Bladsye 22-23:** Papi vra weer vir Bloeiseltjie om aan te bly in die skool, en dat sy nadat sy skool voltooi het, kan probeer om die maanligboom te vind – natuurlik met sy verlof. Baie hartseer het Bloeiseltjie na haar kamer gegaan, en gereedgemaak om te gaan slaap. Sy soen Max goeienag, en merk dan op dat hy baie siek is. Sy gil, en roep na Papi. Die dokter kom na die huis, en gee vir Max medisyne.

**Bladsye 24-25:** Bloeiseltjie sê aan Papi dat Max saans ander kos, behalwe stokkiesop, nodig het. Hy het maanligbredie nodig. Sy wil na Heuwelrant gaan om die boom te vind sodat Max gesond kan word. Papi het steeds geweier, en gesê dat as Max sy medisyne drink, sal hy beter word. Bloeiseltjie moet in die skool bly. Laat daardie nag het Bloeiseltjie haar weer opgekrul in haar kombers. Sy kyk by die venster uit na Heuwelrant. Sy weet dat die maanligboom daar buite iewers is. Sy móét dit vind. Baie saggies het sy na Papi se kantoor gegaan, en die rol uitgehaal. Sy laat ŉ nota, waarin sy sê dat sy weggaan, maar gou weer sal terug wees.

**Bladsye 26-27**: Bloeiseltjie stap by die dorpie se hekke uit, en begin haar lang reis. Teen die oggend ontdek sy dat sy vergeet het om vir haar kos saam te bring. Sy tel dus stokkies op om te eet. Skielik hoor sy ŉ geluid. Sy kruip agter ŉ boomstam weg, en sien toe twee baie vreemde kreature. Sy wonder, of dit dalk die Droomdiewe teen wie Papi haar gewaarsku het, kan wees. Die twee kreature stel hulself aan Bloeiseltjie voor as Kriek en Paddavis. Bloeiseltjie is verbaas om te hoor dat hulle ook na die maanligboom soek. Hulle wag ook vir hulle drome om waar te word. Kriek droom daarvan om ŉ sanger te word, en Paddavis wil ŉ hoogspringer in atletiek word. Hulle besluit om saam te reis.

**Bladsye 28-29:** Die drie vriende ontmoet ŉ paar ruspers. Kriek vra, of hulle die maanligboom gevind het. Hulle antwoord toe dat hulle goed wat baie beter is, gevind het, en wys hom al die goed wat hulle dra. Bloeiseltjie sê dat al die goed nutteloos is. Sy herinner hulle daaraan dat hulle die dorpie verlaat het met die doel om maanligvrugte te vind om almal te help. Die ander ruspers lag haar uit. Daardie aand vra Bloeiseltjie vir Kriek en Paddavis waarom hulle nie komberse het nie. Hulle erken toe dat hulle hul komberse vir al die nuttelose goed by die Droomdiewe geruil het. Die volgende oggend moet hulle oor ŉ stroompie gaan. Paddavis swem oor, en Kriek spring

van klip tot klip. Kriek sê toe dat daar hoër op ’n brug oor die stroom is, waar Bloeiseltjie kan oorgaan. Hulle sal haar daar ontmoet. Bloeiseltjie begin stap, maar verdwaal gou-gou.

**Bladsye 30-31:** ’n Dierbare ou vrou bied Bloeiseltjie ’n paar nuwe skoene aan. Bloeiseltjie pas dit aan, maar het nie geld om dit te koop nie. Die ouvrou sê toe dat sy dit vir haar kombers, of die rol kan verruil. Bloeiseltjie besef dadelik dat die ouvrou ’n Droomdief is. Sy trek die skoene uit, en gooi dit terug na die ou vrou. Die ou vrou gee dadelik pad. Bloeiseltjie hou tot laat in die nag aan met stap. Sy weet nie meer watter kant toe sy moet stap nie. Sy probeer Papi se rol vir leidrade lees, maar verstaan steeds niks daarvan nie. Ten einde laaste het sy haar kombers om haar gedraai en geslaap.

**Bladsye 32-33:** Die volgende oggend wys ’n jong rusper vir Bloeiseltjie ’n kaart. Bloeiseltjie dink dat sy ’n Droomdief is. Die rusper sê egter dat die kaart van Kriek af kom, en dat sy dit vir Bloeiseltjie in ruil vir ’n stuk van haar kombers sal gee. Bloeiseltjie maak die ruiling, maar besef gou dat die kaart nutteloos is. Hartseer erken sy dat sy ’n leuen van ’n Droomdief geglo het, en daarby nóg ’n deel van haar kombers verloor het. Bloeiseltjie hou aan stap, en sien einde ten laaste die brug. Sy stap oor die brug, en sien dat Kriek en Paddavis haar daar inwag. Hulle wys vir haar die regte kaart.

**Bladsy 34:** Kriek en Paddavis laat Bloeiseltjie hulle kaart op die agterkant van Papi se rol oorteken. Die vriende kom ooreen om later weer te ontmoet wanneer hulle nader aan Heuwelrant is. Kriek en Paddavis sit hulle reis oor die water voort terwyl Bloeiseltjie verder stap – hierdie keer met ’n kaart.

**Bladsy 35:** Bloeiseltjie stap vir dae en nagte aanmekaar. Sy stop net langs die pad om te eet, en ontmoet baie ander wat ook na die maanligboom soek. Nou is sy baie versigtig indien van hulle ook Droomdiewe is.

**Bladsye 36-37:** Een aand ontmoet Bloeiseltjie ’n kat wat vir haar ’n stokkie wys. Hy sê dat dit nie ’n stokkie is om te eet nie, maar as sy dit plant en water gee, sal dit groei en ’n maanligboom word. Bloeiseltjie is agterdogtig, maar besluit om nog ’n stuk van haar kombers vir die stokkie te verruil – net ingeval hy die waarheid praat. Die stokkie het baie gou doodgegaan, en Bloeiseltjie het besef dat ’n Droomdief weer eens vir haar gejok het. Bloeiseltjie besef ook hoe dom sy was om ’n deel van haar kombers vir nuttelose goed te verruil. Op die agterkant van Papi se rol teken sy iets om haar daaraan te herinner. Die Droomdiewe het volgehou om haar te probeer bedrieg. Sy teken toe nog iets op die agterkant van die rol om haarself daaraan te herinner om sterk te wees, en nie hulle leuens te glo nie.

**Bladsye 38-39:** Laat een nag het ’n man vir Bloeiseltjie ’n lantern aangebied. Hy wou geen geld daarvoor hê nie. Hy het ook gesê dat iemand vir haar gratis olie sal gee om die lantern vol te maak. Sy het sy aanwysings gevolg, maar is tog omring deur Droomdiewe. Hulle het haar kombers en die rol gesteel, en haar weggesleep na waar hulle haar agter ’n muur toegesluit het. Hulle het haar daar gelos. Bloeiseltjie het rondgekyk om ’n manier te kry om te ontsnap. Sy het gegrawe en gegrawe, en toe probeer om haar deur ’n gat in die muur te wring, maar dit was te klein vir haar. Daar was geen manier om daar uit te kom nie.

**Bladsye 40-41:** Toe sien Bloeiseltjie ’n boom aan die binnekant van die muur waar sy gevange gehou word. Aan die boom hang daar skoene, televisies, selfone, kameras en baie ander goed. Sy

het in die boom geklim om die goed te bekyk. Sy het ook besef dat die katoeters (goeters) wat aan die boom hang, die goed is wat die Droomdiewe gebruik om haar en baie ander te bedrieg, en in die versoeking te bring.

**Bladsye 42-43:** Bloeiseltjie is baie moeg, en wens sy was eerder in haar eie bed. Sy het nie eers meer haar kombers nie, want die Droomdiewe het dit gesteel toe hulle haar ontvoer het. Sy raak op een van die takke aan die slaap. Sy word wakker, en sien vir Silwerwind. In plaas van baie bly te wees, is sy egter geskok, want hy draai takke met skerp dorings om haar totdat sy heeltemal daardeur bedek is. Die Droomdiewe het vir Bloeiseltjie gesoek, maar kon haar nie vind nie.

**Bladsye 44-45:** Bloeiseltjie het, heeltemal bedek deur die doringtakke, onthou wat sy verkeerd gedoen het: Sy was ongehoorsaam aan Papi wat wou gehad het dat sy op skool moet bly. Sy het stukke van haar kombers verruil vir katoeters by die Droomdiewe. Bloeiseltjie besef dat sy baie foute, en ook verkeerde keuses gemaak het. Sy is baie jammer daaroor. Silwerwind het gekom, en gewaai waar Bloeiseltjie deur die doringtakke gevange gehou is. Hy het haar kombers ook teruggebring. Bloeiseltjie het vir dae gewag, en Silwerwind was altyd daar.

**Bladsye 46-47:** Op 'n dag, toe die tyd reg was, kon Bloeiseltjie van die doringtakke loskom. Sy moes egter met al haar krag geskop en gedruk het, want die takke was hard. Toe sy uiteindelik loskom, was sy so moeg dat sy dadelik aan die slaap geraak het. Sy het nie eers agtergekom dat sy verander het nie. Toe Bloeiseltjie wakker word, hoor sy die Droomdiewe aankom. Sy weet dat hulle haar daar sal kry. Vinnig klim sy uit die boom uit.

**Bladsye 48-49:** Bloeiseltjie hoor toevallig dat die Droomdiewe sê dat hulle haar moet kry sodat sy die tekeninge op die rol kan verduidelik. Sy weet toe dat sy moet ontsnap. Sy kry die gat wat sy deur die muur gegrawe het. Alhoewel sy te groot vir die gat was om deur te kruip, probeer sy weer. Net toe die Droomdiewe die deur oopmaak, kry Bloeiseltjie dit reg om deur die gat te kruip. Toe sy aan die anderkant van die muur is, weet sy nie watter kant toe sy moet gaan om te ontsnap nie. Sy wou nie dat enigeen haar vlerke sien nie, dus steek sy dit onder haar kombers weg. Sy het gestap en gestap totdat sy, totaal uitgeput, die stroom bereik het.

**Bladsye 50-51:** Bloeiseltjie kyk na haar spieëlbeeld in die stroom, en is geskok om te sien wat op haar rug groei. Sy het nog nooit sulke goed gesien nie, en het van skaamte begin huil. Toe sy die ander hoor aankom, kruip sy weg. Sy hoor hulle sê dat die Droomdiewe haar soek. Sy weet toe dat sy ʼn keuse het. Sy kan probeer om die maanligboom te kry, of sy kan na Papi en Max terugkeer.

**Bladsye 52-53:** Bloeiseltjie kyk op in die lug, en sien dat dit nie volmaan is nie. Sy weet dat die maanligboom slegs tydens volmaan blom, dus sal sy moet wag. Sy wil nie huis toe gaan nie, want sy voel verleë om Papi te sien nadat sy ongehoorsaam aan hom was, maar sy het geen keuse nie. Sy het met die lang pad huis toe begin stap. Uiteindelik het Bloeiseltjie by die dorpie se hekke aangekom. Sy het geaarsel om in te gaan, want sy het nie geweet wat almal sal sê nie. Toe die ander ruspers haar sien, het hulle gelag, want sy het so anders gelyk. Papi het egter nader gehardloop, en haar gegroet.

**Bladsy 54:** Papi omhels Bloeiseltjie. Sy vertel hoe sy weggegaan het, en vra hoe dit met Max gaan. Max slaap, maar sy gaan in om hom te sien. Toe sy hom soen, word hy wakker en begin huil, want hy dink sy lyk vreemd.

**Bladsy 55:** Papi gee vir Bloeiseltjie ŉ bakkie stokkiesop, terwyl sy hom van die Droomdiewe vertel. Sy bely dat sy Papi se rol gevat het, en dat die Droomdiewe dit van haar gesteel het. Sy vertel ook wat sy agterop die rol geteken het om haar te herinner aan die belangrike lesse wat sy geleer het. Sy teken hulle een vir een op ŉ stuk papier vir Papi, en verduidelik elkeen:

1. Tekening van ŉ droë stok (dit beteken "Keuses het gevolge.")
2. Kriek en Paddavis ("Ken jou ware vriende.")
3. Bloeiseltjie en ŉ juweel ("Jy is uniek, kosbaar, en verdien dit om liefgehê te word.")
4. Kokon ("Wees geduldig, werk hard, en wag vir die regte tyd")
5. Skoenlapper (Sy het vlerke, maar sy verstaan nie hoekom nie, of wat hierdie prent beteken nie.)

**Bladsye 56-57:** Die volgende oggend, terwyl Bloeiseltjie en Max nog in hulle beddens lê en slaap, het iets vreemds by die venster ingekom: sonlig. Max sien dit eerste, en maak Bloeiseltjie toe wakker om haar te vertel. Hulle altwee het hulle na Papi toe gehaas om hom te vertel, en hardloop toe na buite. Almal het na die son gekyk, en met vreugde gesien dat Donkerwolk besig is om op te breek. Daar is nog steeds niks anders om te eet nie, behalwe stokkiesop. Bloeiseltjie het die hele namiddag gebruik om stokkies bymekaar te maak, en gedroom van die maanligboom.

**Bladsye 58-59:** Daardie aand maak Papi stokkiesop vir aandete. Bloeiseltjie sit vir Max in die bed, en hy vra toe vir maanligbredie. Bloeiseltjie kan nie ophou droom van die maanligboom nie. Elke nag droom sy dat sy na die boom toe gaan, en maanligvrugte en saad vir almal saambring.

**Bladsye 60-61:** Bloeiseltjie vertel vir Papi sy wil weer probeer om die boom te kry. Hy sê dat sy belangrike lesse tydens haar avontuur geleer het, en herhaal wat sy hom vertel het (bladsy 55). Hy sê dit verduidelik die geheimsinnige tekeninge op die agterkant van die rol. Papi sê dat as Bloeiseltjie eers hierdie lesse geleer het, sal sy kan uitmaak wat die tekeninge beteken, en waarom Donkerwolk verdwyn het. Sy het die raaisel opgelos. Papi belowe Bloeiseltjie dat as sy wag tot sy graad 12 op skool voltooi het, dan kan sy weer probeer om die maanligboom te vind.

**Bladsye 62-63:** Bloeiseltjie werk hard op skool. Sy dink altyd aan die maanligboom. Hierdie keer berei sy haar voor deur haar sak met items wat sy sal nodig kry, te pak. Uiteindelik het die dag aangebreek dat sy graad 12 aan die Rusperskool slaag. Papi en Max stap saam met Bloeiseltjie tot by die dorpie se hek, en sê vir haar tot siens. Hierdie keer is sy voorbereid. Sy teken ŉ kaart soos die een wat Kriek en Paddavis vir haar gegee het. Hierdie keer praat sy nie eens met die Droomdiewe toe sy hulle raakloop nie.

**Bladsye 64-65:** Die Droomdiewe hou nie op om vir Bloeiseltjie te probeer bedrieg nie. Eindelik kom sy by dieselfde brug as tydens haar eerste reis aan. Toe Bloeiseltjie oor die brug stap, hoor sy iemand sing. Sy kruip agter ŉ rots weg, maar is verras om haar ou vriende, Kriek en Paddavis, te sien. Kriek se droom is bewaarheid! Hy kan sing. Maar Paddavis kan nog nie hoogspring nie. Sy vertel hulle hoe die Droomdiewe haar ontvoer het.

**Bladsye 66-67:** Bloeiseltjie vertel vir Kriek en Paddavis hoe sy in die takke toegesluit is, en hoe anders sy gelyk het toe sy uiteindelik daar kon uitgekom het. Sy aarsel om hulle te wys hoe sy nou lyk. Sy is skaam, maar hulle dink dat sy pragtig lyk. Bloeiseltjie wys haar kaart vir Kriek. Hulle besef dat om by die maanligboom uit te kom, moet hulle verby die plek loop waar die Droomdiewe vir Bloeiseltjie gevange gehou het. Hulle reis gedurende die nag, en hulle is so

naby dat hulle die Droomdiewe oor Bloeiseltjie kan hoor praat. Twee van die vriende slaap, en die derde hou wag, in geval die Droomdiewe op hulle afkom. Toe hulle Heuwelrant uiteindelik bereik, sê Bloeiseltjie dat sy die heuwels wil uitklim, terwyl Kriek en Paddavis vir haar wag.

**Bladsy 68:** Die vriende besluit dat Bloeiseltjie Heuwelrant sal uitklim, en vir die maanligboom sal soek, terwyl Kriek en Paddavis sal waghou. As die Droomdiewe probeer om haar agterna te sit, sal Kriek sing om haar te waarsku. Bloeiseltjie begin klim. Uiteindelik bereik sy ŉ rots, en besef sy dat daar ŉ groot kloof tussen haar en die maanligboom is. Sy kan dit op ŉ afstand sien, maar sy kan nie oor die kloof kom nie, want dit is baie wyd. Sy weet nie wat om te doen nie. Sy is so moeg dat sy aan die slaap raak.

**Bladsy 69:** Skielik word Bloeiseltjie wakker van die geluid van die Droomdiewe wat die heuwels uitklim. Daar is nêrens ŉ plek waar sy vir hulle kan wegkruip nie. Met nêrens om heen te gaan nie, haal sy diep asem, en spring van die rots af.

**Bladsye 70-71:** Bloeiseltjie val en val, totdat sy skielik haar vlerke kon klap, en besef dat sy kan vlieg. Sy vlieg op na die rots waar die Droomdiewe is. Hulle is so geskok om haar te sien, en dat sy kan vlieg dat sy hulle van die rots kan afstamp. Uiteindelik is daar niemand meer op die rots nie, behalwe Bloeiseltjie. In die verte kan sy die maanligboom sien. Sy klap haar vlerke, en vlieg oor die kloof, en uiteindelik, terwyl die volmaan skyn, kom sy by die maanligboom aan.

**Bladsye 72-73:** Bloeiseltjie proe haar eerste maanligvrug. Sy eet en eet, en bêre van die saad in haar kombers. Daarna vlieg sy terug na Kriek en Paddavis. Sy deel die maanligboomsaad met hulle. Daarna vlieg sy huis toe, en laat val saad sover soos sy vlieg.

**Bladsye 74-75:** Toe Bloeiseltjie by die huis aankom, hardloop Papi en die ander ruspers om haar te groet. Sy gee vir almal maanligboomsade wat hulle dadelik gaan plant. Die saad begin groei, en gou het daar maanligbome oor die hele land gestaan.

**Bladsye 76-77:** Daar was nou weer flesse vol maanligboomvrugte in elke huis, en Bloeiseltjie het maanligbredie vir haar familie gemaak. Op ŉ dag het haar ou vriende, Kriek en Paddavis, wat nou Padda is, vir haar kom kuier. Kriek se stem is nou so mooi dat hy in ŉ konsert sing. Daarna het die ruspers ŉ partytjie gehou, en elkeen kon soveel maanligbredie eet soos hulle wou.

**Bladsy 78:** Elke jong rusper het, wat Bloeiseltjie op die agterkant van Papi se rol geskryf het, bestudeer sodat hulle die belangrike lesse wat sy op haar avontuur geleer het, kon verstaan. Baie gou is die vallei gevul met kokonne, skoenlappers en natuurlik maanligbome.

# Konsepposters
(Sessies 1-6)

Gebruik posters tydens jou opsomming sowel as tydens hersiening van elke sessie, soos in die kurrikulum aangedui. Gebruik ŉ aanplakbord of enige groot papier. Skryf die ooreenstemmende sessie-inhoud soos hieronder op die voorkant; op die agterkant skryf jy die hersieningsvrae. As jy baie min tyd het, kan jy hierdie posters in plaas van die volle kurrikulum gebruik as jy die lesse aanbied.

Sessie 1: Keuses het gevolge.

- Hoe kan bogenoemde jou veilig hou, en voorkom dat jy verhandel word?
- Hoe kan om te wag ŉ belangrike deel uitmaak van keuses?
- Watter swak keuse het Bloeiseltjie gemaak?

Sessie 2: Ken jou ware vriende.

- Hoe kan bogenoemde jou veilig hou, en voorkom dat jy verhandel word?
- Kan jy dink aan iemand wat jy ken, wat nie ŉ ware vriend mag wees nie?
- Wat is onvoorwaardelike liefde? Hoe betoon ware vriende ware liefde?

Sessie 3: Jy is uniek, waardevol, en verdien dit om liefgehê te word.

- Wat beteken dit om uniek te wees?
- Wat is meer waardevol? Jy, of ŉ rots? Jy, of ŉ paar skoene? Jy, of ŉ selfoon?
- Hoe kan die wete dat jy waardevol is, voorkom dat jy verhandel word?

Sessie 4: Wees geduldig, werk hard, en wag vir die regte tyd.

- Waarvoor wag jy?
- Op watter manier is jy ongeduldig as dit by jou droom kom?
- Wat is jou droom waarvoor jy hard sal werk?

Sessie 5: Jy is gebore om te vlieg. Moenie met enigiets minder tevrede wees nie.

- Wat beteken dit om "te vlieg"?
- Op watter manier was Bloeiseltjie met minder tevrede in die storie?
- Wat is jou droom? Is jy met minder tevrede?
- Bloeiseltjie het ŉ droom gehad om te vlieg. Wat is jou droom?
- Watter goeie keuses kan jy maak om jou droom te bereik?

# Posters: inligting oor mensehandel
# (Sessie 6)

Gebruik posters tydens jou opsomming, sowel as tydens hersiening van elke sessie soos in die kurrikulum aangedui. Jy kan die posters ook in jou gemeenskap versprei. Gebruik ŉ aanplakbord of enige ander groot papier.

Poster #1

Wat moet jy doen as jy verhandel of ontvoer word?
- Baklei.
- Moenie moed opgee nie.
- Vind ŉ uitweg.
- Kry iemand wat jy kan vertrou om mee te praat.

Wat moet jy doen as jy voel jy is in gevaar?
- Vertel jou ouers.
- As jy nie dit vir jou ouers kan vertel nie, vertel dit dan aan ŉ veilige volwassene, of jou onderwyser.
- As jy nie ŉ veilige volwassene kan vind nie, gebruik die volgende kontakinligting om hulp te kry: 0800222777

Poster #2

Hoe lyk mensehandelaars?
- Mensehandelaars kan soos enige ander persoon lyk.
- Hulle vertel jou nie dat hulle jou wil bedrieg of seermaak nie.
- Hulle kan enige ouderdom wees.
- Hulle kan persone wees wat jy reeds ken.
- Hulle kan mede-skoliere/mede-studente wees.

Wat is die verskil tussen ŉ mensehandelaar en ŉ ware vriend?
- ŉ Ware vriend lieg nie vir jou, of maak nie beloftes wat hy nie kan nakom nie.
- ŉ Ware vriend wil altyd die beste vir jou hê, en nie wat net tot sy voordeel sal strek nie.
- ŉ Ware vriend is iemand wat jy met jou lewe kan vertrou.
- ŉ Ware vriend het deur sy dade, en nie net deur sy woorde nie, bewys dat jy hom kan vertrou.

Watter leuens vertel mensehandelaars?
- "Ek kan jou help om ŉ werk as ŉ kelnerin, ŉ model, of ŉ kinderoppasser te kry."
- "Ek het geld, sodat jy jou opvoeding in die stad kan kry."
- "Ek kan jou help om ŉ visum om ŉ ander land te besoek, te kry."
- "Jy sal jou familie help deur na my te luister."
- "Ek het baie geld, en wil vir jou ook daarvan gee."
- "Die geld wat jy verdien, sal na jou familie gaan."
- "Jou vriende het geld, en mooi goed; hoekom kan jy dit nie ook hê nie?"

- "Jy help my en ek help jou. Jy kan my vertrou."

Poster #3

Wat beteken dit om in veiligheid te leef?

- Jy sal nie fisies seergemaak word nie.
- Niemand sal jou bedreig nie.
- Jy sal kan skoolgaan.
- Niemand sal jou seermaak nie; nie fisies, emosioneel of seksueel nie.
- Vryheid beteken nie dat jy enigiets wat jy wil, kan doen nie; daar is veiligheid in reëls wat jy moet volg, en veilige volwassenes wat jou kan rigting aanwys, leiding gee, en jou vriend word.

Op watter spesifieke maniere kan ŉ jong persoon verhandel word, of tot slawerny gedwing word?

- Jy glo die leuens wat ŉ ander persoon jou vertel.
- As iets te goed klink om waar te wees, dan is dit.
- Jy ondersoek nie aanbiedinge om te bewys dat dit die waarheid is nie.

Watter gedrag en oortuigings maak dit maklik vir ŉ persoon om ŉ slaaf te word?

- Hy/sy maak swak keuses.
- Hy/sy glo die leuens wat die mensehandelaars vertel.
- Hy/sy glo dat die mensehandelaars sy/haar vriende is.
- Hy/sy wil glo wat die mensehandelaars sê.
- Hy/sy is ongeduldig, dat sy/haar drome bewaarheid word, en is nie bereid om vir die regte tyd te wag dat dit gebeur nie.

Poster #4

Tekens dat ŉ persoon reeds verhandel is:

- Hy/sy is vir ŉ tydperk afwesig van skool, en kan dit nie verduidelik nie.
- Hy/sy woon nie gereeld skool by nie.
- Hy/sy loop gereeld weg van die huis.
- Hy/sy verwys gereeld na reise na ander stede.
- Hy/sy het kneusplekke en snye wat hy/sy nie kan, of wil verklaar nie.
- Hy/sy het tatoeëermerke wat ŉ brandmerk of "eienaarskap" deur mensehandelaars aandui.
- Hy/sy is hartseer of bang.
- Hy/sy is honger, en nie reg aangetrek vir die weersomstandighede of omgewing nie.
- Hy/sy toon tekens van dwelm- of alkoholverslawing.
- Hy/sy toon ŉ skielike verandering in kleredrag, optrede, of materiële besittings.
- Hy/sy praat baie oor seks, en het meer kennis oor seks as ander kinders van dieselfde ouderdom.
- Sy het ŉ kêrel wat heelwat ouer as sy is. (10 jaar en ouer)
- Hy/sy word vergesel deur ŉ persoon wat hom/haar beheer, en hy/sy kan nie vir homself, of haarself praat nie.
- Hy/sy het nie self beheer oor sy/haar persoonlike bewegings, geld, ID, of reisdokumente nie.
- Hy/sy word van, of na sy/haar werk vervoer, of woon en werk in dieselfde plek.

- Skuld aan ŉ werkgewer maak dit onmoontlik vir die persoon om van werk te verander.
- Wanvoeding, dehidrasie of swak persoonlik higiëne.
- Onbehandelde siektes of kwale.

Poster #5

Wat is mensehandel?

- Gedwonge slawerny van kinders, of volwassenes.
- Dwing iemand om iets teen sy/haar wil te doen.
- Dit kan slawerny ten opsigte van werk, of seks insluit.
- Slawe is nie vry nie, en kan nooit vry wees nie tensy iemand hulle red.
- In baie dele van die wêreld is kinders, so jonk soos 4 jaar, slawe.
- As jy die Vlieg-Vlinder-Vliegmateriaal leer, kan dit verhoed dat jy verhandel word.

Hoe lyk die lewe van ŉ slaaf?

- Seksslawe kan 20-40 kliënte per nag hê.
- Hulle word geslaan, mishandel, en weggehou van hulle familie en vriende.
- Hulle kry nie genoeg om te eet nie, en het min of geen besittings nie.
- Hulle kan gedwing word om dwelms te gebruik.
- Hulle kan nooit weggaan, feitlik nooit ontsnap nie, en word gekondisioneer deur hulle ontvoerder.
- Hulle verdien min, of ontvang geen geld nie.
- Hulle kan jonk sterf as gevolg van ŉ siekte of mishandeling.

## Sessie 1: Keuses het gevolge.

**Lys van benodigdhede:** Woordlose boekies, leiersgids, skoenlappergidse (onderwyser-voorbeeld), sowel as stokke, uitgeknipte prente van die skoenlapper se lewensiklus, kryte of potloodkryte, gom), voorgestelde poster vir Sessie 1

**Benodigdhede vir leerder-aanbiedersessie:** Bogenoemde voorrade sowel as dagboeke, en penne, of potlode

**Voorbereiding vir klas:** Maak 'n skoenlappergids. Plak die volgende op 'n lang dun stok: 'n prent van 'n skoenlapper omtrent 10 cm van bo af, ŉ prent van ŉ papie verder af, ŉ prent van ŉ rusper onder dit en ŉ prent van ŉ klein eiertjie heel onder. Gebruik hierdie skoenlappergids in plaas van met jou vinger wanneer jy die storie vertel om na prente in die woordlose boekie te wys. Jy kan ook van die studente gebruik om items in die boek, of op die voorgestelde posters wat vir hierdie lesse gebruik word, uit te wys.

Lees die opsomming van die storie, sodat jy die inhoud ken. **Moenie die opsomming vir die kinders voorlees nie.** Jy, of een van die leerder-aanbieders, kan die skoenlappergids gebruik om na die prente te wys. Lei dan die kinders om die vrae hieronder te beantwoord, indien tyd dit toelaat. Kies die vrae wat volgens jou die beste by jou groep sal pas. Jy hoef nie al die vrae te vra nie.

**Nou begin Sessie 1:** Stel jouself aan die groep voor, en groet al die deelnemers. Laat elkeen in die groep hom-/haarself voorstel. Jy kan hulle ook bekend stel. Die studente sit in ŉ sirkel (by banke, op stoele of sommer op die vloer). Vra of enigeen die prente op die skoenlappergids herken. Verduidelik kortliks die lewensiklus van die skoenlapper, en maak daarvoor gebruik van die items op jou skoenlappergids. Verduidelik hoe jy die skoenlappergids tydens die Vlieg-Vlinder-Vlieglesse (VVV-lesse) sal gebruik.

***Voorblad*** Wys die voorblad van die woordlose boekie aan die studente en vra:

- Watter dier is dit? ( ruspers) Wat weet julle van ruspers?
- Kan julle enige van die woorde op die voorblad lees? (Soek die titel in jou taal. As dit nie daar is nie, skryf dit in jou taal neer.)
- Wat dink jy beteken die titel Vlieg-Vlinder-Vlieg?

***Bladsy 3*** Verduidelik dat die boek wat julle saam gaan lees baie ongewoon is, want dit het geen woorde nie, slegs prente. Dit beteken enigeen kan dit lees, en die groep kan die karakters self benoem. Hier volg vrae wat jy na elke bladsy kan vra. Onthou, jy hoef nie al hierdie vrae te vra nie. Pas aan by die tyd wat jy het. As jy vind dat om te stop om vrae te vra die storielyn onderbreek, kan jy eers die storie klaar vertel, en dan die vrae vra.

- Wat is ongewoond aan die rusper in die middel van die prent? (Hy is oud; hy het nooit in ŉ skoenlapper verander nie.)
- Wat sal jy die rusper in die middel van die prent noem? (Laat studente ŉ naam voorstel, of gebruik die naam "Papi".)
- Wat sal jy die rusper op regs in die prent noem? (Hy het kort hare en geen strik nie; so dit is ŉ seuntjie-rusper. Gebruik die naam wat die studente voorstel, of die naam "Max".)

- Wat sal jy die rusper op links noem? (Sy het ŉ strik; dus is dit ŉ meisie. Gebruik die naam wat die studente voorstel, of die naam "Bloeiseltjie".)

***Bladsy 4:*** *(Hierdie is slegs agtergrond-inligting; moenie dit aan die studente oordra nie.) Papi het vir Bloeiseltjie en haar broer Max vir ete genooi. Max hou nie van die bakkie stokkiesop wat Papi vir ete voorsit nie. Bloeiseltjie en Max help vir Papi om die skottelgoed na ete te was. Daarna vertel Papi vir hulle ŉ storie van lank gelede, toe daar nog maanligbome in die land gegroei het. Al die ruspes was baie gelukkig, want hulle kon bakke vol maanligbredie van die vrugte vir hulle hoofmaaltyd eet.*

Wys na die prente en vertel die storie op die bladsy. Vertel die studente dat jy die panele bo-aan die bladsy van links na regs "lees", en daarna aan die onderkant van die bladsy van links na regs. (As jy in jou taal normaalweg van regs na links lees, sal jy die kinders moet help om die rigting te verander sodat hulle die storie in die woordlose boekie kan volg.) Wys na die eerste twee prente en vertel die storie.

- Wat eet hulle? Is hulle gelukkig daarmee? Hoe weet jy dit?
- Vertel my van die spinnekop. Wat sal jy op daardie rak pak?
- Vertel vir my wat sien jy in die volgende prent. Hoe help jy met die skottelgoed nadat jy geëet het?
- Onderste prent: Papi vertel ŉ storie. (Die dinkborrel bokant sy kop wys dat hy iets dink, of sê.) Vertel van die maanligbome en wys na die rak met die flesse vol maanligvrugte.

***Bladsy 5:*** *Papi vertel die storie: Gedurende een winter was dit baie koud. Dit het so baie gesneeu, dat al die bome toe was onder die sneeu. Daar was al minder maanligvrugte om te eet.*

- Kyk na die rakke. Wat het met die maanligvrugte gebeur?
- Vertel vir my wat julle sien omtrent die bome en die sneeu in die venster. Wat is besig om te gebeur? (As jy nie sneeu in jou omgewing kry nie, verduidelik wat dit is.)
- Papi verduidelik dat die jong ruspers baie honger geword het. Hulle het so koud gekry dat hulle maanligbome afgekap het om vuur te maak sodat hulle kan warm bly. Sedert daardie dag het Donkerwolk oor die land gehang. Dit was amper asof die land getreur het. Papi verduidelik dat daar geen maanligbome of maanligvrugte meer was om maanligbredie van te maak nie. Die ruspers moes stokkies bymekaarmaak om stokkiesop te maak. Silwerwind het egter een maanligboom wat nog lewendig was, gevind. Hy het ŉ saadjie van die boom gered, en dit op Heuwelrant geplant.

***Bladsye 6-7:*** *Papi verduidelik dat die jong ruspers baie honger geword het. Hulle het so koud gekry dat hulle maanligbome afgekap het om vuur te maak sodat hulle kan warm bly. Sedert daardie dag het Donkerwolk oor die land gehang. Dit was amper asof die land getreur het. Papi verduidelik dat daar geen maanligbome of maanligvrugte meer was om maanligbredie van te maak nie. Die ruspers moes stokkies bymekaarmaak om stokkiesop te maak. Silwerwind het egter een maanligboom wat nog lewendig was, gevind. Hy het ŉ saadjie van die boom gered, en dit op Heuwelrant geplant.*

Prent bo links: Maak seker dat die studente opmerk dat die maanligvrugte op is.

- Wat sal jy Bloeiseltjie se dorpie noem? En die heuwels in die verte? (Gebruik die name wat hulle voorstel of "Takkiesvallei" en "Heuwelrant".)
- Hoekom kap die inwoners van die dorpie die bome af? (Wys na die bewende ruspe, en die vuur.)

- Onderste prente: Wat gebeur met die son, en hoekom? (ʼn Wolk het die son afgekeer.) Verduidelik dat dit Donkerwolk is, of noem dit ʼn paslike naam in jou taal.
- Waaraan dink die ruspers, en hoekom?
- Volgende prente: Wat sien jy? (Die wit warrelwind is Silwerwind, of noem ʼn naam wat in jou taal pas.) Die Silwerwind het die laaste saadjie gered.

***Bladsye 8-9:*** *Die boom op Heuwelrant het vinnig gegroei. Wanneer dit volmaan was, blom die boom, en dra dan maanligvrugte. Maar daar woon niemand op Heuwelrant wat dit kan eet nie. Papi het sy verhaal klaar vertel. Bloeiseltjie en Max was baie moeg. Bloeiseltjie het vir Max in die bed gesit, en daarna self in haar eie bed gaan slaap.*

- Wat gebeur met die boom as dit volmaan is? (Die maanligboom blom, en dra dan maanligvrugte as dit volmaan is.)
- Het jy ʼn jonger broer of suster vir wie jy moet sorg, en moet seker maak hy/sy is veilig?

**Hersiening**: **Wat is ʼn keuse?** Die woord *keuse* beteken om een ding uit baie ander te kies, soos byvoorbeeld om te kies watter hemp of rok om aan te trek. Sommige keuses is baie belangrik. Die ruspers van lank gelede moes ʼn keuse maak: moet hulle die maanligbome afkap om warm te kry, of nie? As die keuses wat ons gemaak het ander mense of onsself seermaak, is dit nie goeie keuses nie.

- Dink jy daardie ruspers het ʼn goeie keuse gemaak? Hoekom was die ʼn swak keuse? Wie is seergemaak deur hierdie keuse? (Die ruspers moes noodgedwonge honger gaan slaap, en Donkerwolk het die sonlig uit hulle wêreld geneem.)

***Bladsye 10-11****: Bloeiseltjie het haar met haar geliefkoosde kombers toegemaak, en aan die slaap geraak. Sy kon Heuwelrant deur haar venster in die verte sien. Silwerwind waai saggies by Bloeiseltjie se venster in, en sy droom dat sy na Heuwelrant gaan. Silwerwind dra haar na die enigste maanligboom ter wêreld. Bloeiseltjie is baie gelukkig om die boom te sien. Elke nag neem Silwerwind vir Bloeiseltjie na Heuwelrant om die maanligboom te sien.*

- Waarheen het Silwerwind vir Bloeiseltjie geneem? (Hy het haar na Heuwelrant waar die enigste maanligboom was, geneem.)
- Hoe het die maanligboom oorleef? (Hersien bladsy 7; Silwerwind het dit na Heuwelrant geneem.)
- Wat is belangrik omtrent die volmaan? (Dit is die enigste tyd dat die maanligboom blom.)
- Hoe weet jy dat Bloeiseltjie op Heuwelrant gelukkig was? (Die maanligvrugte was daar, en sy het gedroom om dit na almal in Takkiesvallei terug te bring.)
- Kyk na die maan. Wat vertel die veranderinge in die vorm van die maan jou? (Sy het die maanligboom elke nag vir baie weke besoek.)

***Bladsye 12-13:*** *Gedurende die dag dink Bloeiseltjie aan haar besoeke aan die maanligboom, en droom daarvan om maanligsade saam te bring, en dit te plant sodat elke rusper weer maanligbredie kan eet. Elke nag maak sy haar toe met haar geliefkoosde kombers, en droom daarvan om na Heuwelrant te gaan. Elke oggend vou Bloeiseltjie haar kombers op, soen Papi totsiens, en gaan na die Rusperskool toe.*

- Prent op links: Wat doen Bloeiseltjie? (Bloeiseltjie het ʼn droom. *Nota*: In sommige tale word die woord *droom* gebruik vir die drome wat jy droom as jy slaap so wel as vir ons begeertes en doelwitte. Gebruik dit soos dit in jou taal voorkom.)

- Wat is Bloeiseltjie se droom? (Haar droom is om maanligsade terug te bring sodat die inwoners die bome kan kweek, en weer maanligbredie kan eet.)
- Is Bloeiseltjie se skoolroetine dieselfde as joune, of verskil dit?

***Bladsy 14:*** *Bloeiseltjie probeer aandag gee aan die klasse in die skool, maar al waaraan sy kon dink, is hoe om die maanligboom te vind. Die ander ruspers het vir haar gelag. Gedurende die namiddae het sy stokkies bymekaar gemaak vir aandete, en daaraan gedink hoe om na Heuwelrant te gaan.*

- Waaraan dink Bloeiseltjie as sy in die skool is, en by die venster uitkyk?

**Hersiening: Wat is ’n droom?** Bloeiseltjie het elke nag ’n baie spesiale droom gehad, maar sy droom ook gedurende die dag. Dit beteken dat sy so graag wil hê dat iets moet gebeur dat sy gedurig daaraan dink. Wat is die verskil tussen jou drome gedurende die nag, en jou drome in jou hart? (Pas jou taalgebruik aan indien die woorde in jou taal dieselfde of verskillende betekenisse het.)

- Hoe verskil Bloeiseltjie van die ander ruspers? (Hulle is tevrede om elke aand stokkiesop te eet; sy is nie tevrede nie. Sy droom daarvan om iets meer in die lewe te bereik. Hulle is tevrede met waar hulle is.)
- Het jy ’n droom in jou hart?

**Aktiwiteit:** Laat die kinders toe om op te staan, en rond te beweeg om die items/materiaal vir hierdie aktiwiteit te kry. Wys aan die kinders die skoenlapperwyser. Help die studente om hulle eie skoenlapperwysers te maak. (sien opdragte in *Voorbereiding* hierbo) Hersien met die studente watter soort wesentjie Bloeiseltjie op hierdie stadium is. Vra of hulle dink sy sal kan verander, en indien wel, hoe of waarin sy sal verander. Vra of mense ook so ’n verandering soos die skoenlappers ondergaan. Vra die kinders om hulle skoenlapperwysers saam te bring, en laat hulle weer in die kring kom sit. Elke kind kan sy skoenlapperwyser gebruik om na ’n prent te wys om te help om die storie te vertel in die volgende deel. As die kinders gemaklik is daarmee, kan jy hulle vra om die storie te vertel soos hulle dit in die prente lees. Voeg net inligting by indien hulle iets weglaat.

***Bladsy 15:*** *Gedurende een nag nadat Bloeiseltjie vir Max naggesoen het, vertel sy vir Papi hoe Silwerwind haar na Heuwelrant neem. Sy sê dat sy graag die maanligboom wil vind, en vrugte saambring vir almal om te eet.*

- Vir wie het Bloeiseltjie van haar droom vertel?
- Hoekom is dit volmaan in haar droom? (Die maanligboom dra net vrugte as dit volmaan is. Dit is dan dat Bloeiseltjie maanligboomsaad kan bymekaarmaak.)

***Bladsye 16-17:*** *Papi sê vir Bloeiseltjie dat sy in die skool moet bly. Sy is nog baie jonk. As sy graad 12 aan die Rusperskool geslaag het, kan sy probeer om die maanligboom te vind. Papi vertel ook vir Bloeiseltjie van ander ruspers wat in die verlede die dorp verlaat het om te probeer om die maanligboom te vind. Hulle het belowe om met maanligvrugte terug te keer, maar in plaas daarvan het hulle met waardelose goed teruggekeer wat vir niemand, behalwe vir hulself, gehelp het nie,.*

- Hoekom wil Papi hê dat Bloeiseltjie in die skool moet bly? *Nota:* Verduidelik dat kleredrag tussen sommige kulture verskil by die toekenningseremonie van die graad 12-sertifikaat.
- Is Bloeiseltjie gelukkig met Papi se besluit? Verduidelik jou antwoord.

- Een rusper is nie oor die droom gelukkig nie. Hoekom is die rusper ongelukkig? (Die rusper het alles wat hy besit het geruil vir rommel, en het nie die maanligvrug gekry nie.)

***Bladsye 18-19:*** *Bloeiseltjie wou nog steeds gaan. Papi het haar na sy kantoor toe geneem, en haar maak belowe om vir niemand te vertel wat hy haar gaan wys nie. Papi trek ŉ mat weg, verwyder ŉ ouerige baksteen, en steek sy hand in. Hy trek iets wat baie oud lyk uit, en gee dit vir Bloeiseltjie. Sy maak ŉ rol van papier oop. Dit het snaakse letters en tekeninge op.*

- Wie deel ŉ geheim op hierdie bladsy?( Papi)
- Wat was Papi se geheim? (Dit was die weggesteekte rol met iets geheimsinnigs daarop geskryf.)

**Hersiening: Hoekom is dit belangrik om skool te voltooi?** Papi is baie lief vir Bloeiseltjie, en wil graag hê dat sy ŉ goeie keuse moet maak deur haar skoolloopbaan te voltooi. Hy deel ŉ geheim met haar sodat sy sal verstaan hoekom dit so belangrik is. Papi weet dat skoolgaan die beste manier is om haar voor te berei op ŉ toekoms waar sy veilig sal wees. Skool sal haar voorberei om iets baie belangriks vir haar familie en gemeenskap te doen.

- Hoekom is dit so moeilik vir Bloeiseltjie om skool te voltooi? (Sy is ongeduldig.)
- Wat het met die ander ruspers wat skool vroeg verlaat het, gebeur? (Hulle het nie die maanligboom gevind nie, en het langs die pad besittings wat vir hulle baie belangrik was, verloor.)
- Hoe kan skoolopleiding iemand help om veilig teen seerkry, en terselfdertyd ook suksesvol te wees? (Jy leer, word dan intelligent, en word nie bedrieg nie.)

***Bladsye 20-21:*** *Bloeiseltjie en Papi het nie geweet wat die snaakse letters en tekeninge op die rol beteken nie. Bloeiseltjie kyk na die stuk flenterlap waarin dit toegerol is, en vra vir Papi, of dit sy kombers was. Hy antwoord baie hartseer dat dit wel sy kombers was. Hy draai dit weer om die rol, en sit dit terug in die wegsteekplek. Papi vertel vir Bloeiseltjie dat wanneer iemand die raaisel op die rol oplos, sal Donkerwolk verdwyn. Hy waarsku haar teen die Droomdiewe buitekant by die hekke van die dorpie. Hulle wil almal se drome steel. Hulle sal vir haar jok en bedrieg, en ook haar goed steel.*

- Verstaan Papi en Bloeiseltjie die rol? (Nee, hulle is verward.)
- Papi weet dat as die raaisel op die rol opgelos kan word, sal dit Donkerwolk laat weggaan. Waarin draai Papi die rol toe? (Sy ou kombers)
- Waarteen waarsku Papi vir Bloeiseltjie? (Hy waarsku haar teen Droomdiewe wat sal probeer om haar kombers en haar droom vir hulself te vat.)

***Bladsye 22-23:*** *Papi vra weer vir Bloeiseltjie om aan te bly in die skool, en sê dat sy nadat sy graad 12 geslaag het, kan probeer om die maanligboom te vind – natuurlik met sy verlof. Baie hartseer het Bloeiseltjie na haar kamer gegaan, en gereedgemaak om te gaan slaap. Sy soen Max goeienag, en merk dan op dat hy baie siek is. Sy gil, en roep na Papi. Die dokter kom na die huis toe, en gee vir Max medisyne.*

- Wat vertel Papi weer vir Bloeiseltjie? (Sy moet op skool bly, en haar skoolloopbaan voltooi. Daarna sal hy haar toelaat om die maanligboom te probeer vind.)
- Hoekom sê Papi dat skool belangrik is?
- Wat is verkeerd op bladsy 23? Hoekom is Max siek?

***Bladsye 24-25:*** *Bloeiseltjie sê aan Papi dat Max saans ander soort kos as stokkiesop nodig het. Hy het maanligbredie nodig. Sy wil na Heuwelrant gaan om die boom te vind sodat Max gesond*

*kan word. Papi het steeds geweier, en gesê dat as Max sy medisyne drink, hy beter sal word. Bloeiseltjie moet in die skool bly. Laat daardie nag het Bloeiseltjie haar weer in haar kombers opgekrul. Sy kyk by die venster uit na Heuwelrant. Sy weet dat die maanligboom iewers daar buite is. Sy móét dit vind. Baie saggies het sy na Papi se kantoor gegaan, en die rol uitgehaal. Sy laat ’n nota waarin sy sê dat sy weggaan, maar gou weer sal terug wees.*

- Wat wou Bloeiseltjie vir Max doen? Wat sê Papi daarvan?
- Hoekom wil Bloeiseltjie nog steeds gaan?
- Wat het Bloeiseltjie uit Papi se kantoor geneem? Hoekom het sy dit geneem?
- Wat het sy vergeet om saam te neem? (kos, padkaart)

**Hersiening: Wat is ’n gevolg?** Die woord *gevolg* beteken die resultaat van ’n aksie of ’n keuse. Sommige is goeie gevolge, soos byvoorbeeld om getrou te leer op skool, en goeie punte te verwerf. Sommige is slegte gevolge, soos om aan jou ouers ongehoorsaam te wees, en dan by hulle in die moeilikheid te kom. Dit is belangrik om stil te staan, en te dink aan die gevolge van ’n keuse voordat jy die keuse maak.

- Teen wie het Papi vir Bloeiseltjie gewaarsku toe sy nie na hom wou luister nie? (Droomdiewe)
- Noem ’n paar van die goed wat Droomdiewe doen waarvan Papi haar vertel het.
- Watter keuses kan Bloeiseltjie maak? (Sy kan bly, skool toe gaan, en gehoorsaam wees aan Papi, of ongehoorsaam aan Papi wees, en die maanligboom probeer vind.)
- Watter keuse het Bloeiseltjie gemaak?
- Wat het Bloeiseltjie beïnvloed om hierdie besluit te neem? (Max is siek.)
- Dink jy dat hierdie besluit van Bloeiseltjie goed sal wees, of sal dit sleg wees? Hoekom?

**Verband met mensehandel:** Verduidelik aan die studente dat *Vlieg-Vlinder-Vlieg* slegs ’n allegorie (simboliese voorstelling) is, wat beteken dit is ’n storie oor ’n dier, of iets wat nie ’n mens is nie. Dit het dan vir ons spesiale lesse. *Vlieg-Vlinder-Vlieg* is ’n allegorie, wat vertel op watter manier dit veilig en suksesvol is om jou drome te volg. Een van die maniere om die lesse in *Vlieg-Vlinder-Vlieg* toe te pas, is om te help om mense te waarsku teen mensehandel. Vra vir die studente, of hulle weet wat dit beteken. Verduidelik:

- Mensehandel is gedwonge slawerny.
- Dit beteken ’n persoon word gedwing om iets teen sy/haar sin te doen.
- Slawe is nie vry nie.

***Vlieg-Vlinder-Vlieg*** is ’n allegorie om te verduidelik wat mensehandel is, en hoe om dit te vermy. Om vry te wees van mensehandel beteken om veilig en vry te wees om jou drome na te volg. Verduidelik ook dat as jy veilig is:

- jy vry is van liggaamlike skade, en niemand kan jou bedreig nie.
- Dit is vir jou moontlik is om skool toe te gaan.
- Niemand kan jou fisies, emosioneel of seksueel seermaak nie.

Dit is baie belangrik dat dit moontlik moet wees vir jou om jou drome na te volg, jou familie te help, en skool toe te gaan. Dit is wat Papi probeer het om aan Bloeiseltjie te verduidelik. Vra:

- Hoekom is dit belangrik om jou familie te help? Wat is die beste manier om dit te doen? (Voltooi jou skoolloopbaan. Dit help jou en jou familie as jy opleiding kry. Met beter kwalifikasies sal jy beter werk kan kry, en meer geld verdien. Jou kinders sal in ’n gesonder omgewing en in ’n goeie huis opgroei.)
- Hoekom is die feit dat jy op skool is belangrik om te keer dat jy verhandel word?

Papi waarsku Bloeiseltjie teen die Droomdiewe; hulle is soos die mensehandelaars, want hulle kan jou drome steel en jou seermaak. Om ŉ vinnige, onvoorbereide keuse soos toe Bloeiseltjie besluit het om ongehoorsaam aan Papi te wees, te maak, is ŉ keuse met slegte gevolge.

- Keuses het gevolge. Hoe kan jy deur dit te weet jou beskerm teen mensehandel?

**Bylae tot Sessie 1 vir leerder-aanbieders**
**"Inligting omtrent keuse en gevolge"**
*Laat ŉ ekstra 10 minute toe om hierdie ekstra materiaal te behandel.*

As dit die eerste opleidingsessie vir tieners, wat jou later sal help om die Vlieg-Vlinder-Vlieg-kurrikulum vir jonger studente aan te bied, is, kan jy die sessie op ŉ spesiale manier begin (met ŉ ete, byvoorbeeld), soos verduidelik in die *Inleiding*. Indien dit so gedoen word, laat dan meer tyd toe vir die volgende sessies.

Gee aan elke leerder-aanbieder ŉ notaboek (joernaal) en ŉ pen of potlood om hulle antwoorde op die spesiale vrae neer te skryf. Dit sal die geleentheid skep dat hulle dieper sal nadink oor die betekenis van die Vlieg-Vlinder-Vliegstorie, want dit sal met hulle eie lewe ooreenkom. Laat die leerder-aanbieders hulle name in hulle notaboeke skryf, en ook ŉ prent van ŉ skoenlapper teken. Dit verteenwoordig dan hulle eie droom om eendag vry en suksesvol te wees. Gebruik die kryt of kleurpotlode van die vorige sessie. (Laat 5 tot 7 minute hiervoor toe.)

Vra die leerder-aanbieders wat hulle tot dusver van die sessie en die boek dink. Hanteer hierdie informele gesprek sodanig dat elke persoon ŉ kort bydrae kan maak, of sy/haar opinie kan gee. Herinner leerder-aanbieders dat jy bewus is van die feit dat die woordlose boekie eintlik vir jonger kinders is, en nie vir tieners nie. Maar hulle lees dit om hulle voor te berei om die VVV-program vir die jonger kinders te leer. Dit sal mensehandel voorkom.

**Vrae vir joernaal vir Sessie 1**
Skryf hierdie joernaalvrae voor die tyd op stukkies papier, of op ŉ bord sodat die leerder-aanbieders dit in hulle joernale kan oorskryf. Laat hulle elke vraag bo-aan ŉ aparte bladsy skryf sodat hulle die hele bladsy het om dit te beantwoord. As die tyd dit toelaat, laat die studente hulle antwoorde neerskryf. Hulle kan dan hulle antwoorde met die groep deel en bespreek. Hulle kan ook net een of twee vrae in die groep beantwoord en bespreek, en die res kan tuis gedoen word. Gedurende die besprekingstyd moet jy hulle baie aanmoedig. Neem tyd om te verduidelik watter positiewe gedagtes elkeen in sy/haar antwoord gehad het. Deel ook jou eie antwoorde op hierdie vrae vanuit jou eie lewenservaring met hulle.

- Watter keuse wat ek in my verlede gemaak het, sou ek graag wou verander?
- Watter goeie vrae kan jy jouself vra om jou te help om ŉ keuse te maak?
- Het jy ŉ droom wat jy navolg? Hoe volg jy dit na?
- Bly jy op skool? Wat kan jy doen om meer te leer hoe om jouself in die toekoms te help?
- Wat is die slegste gevolg wat jy ervaar het nadat jy ŉ keuse gemaak het? Die beste gevolg?
- Wat het jy geleer oor die maak van keuses wat jy met jonger kinders kan deel?
- Wat het jy gehoor, of wat weet jy van mensehandel?
- Skryf twee feite oor mensehandel neer wat jy vir jonger kinders sal wil vertel.

**Taak:** Die meeste kinders sowel as volwassenes het geen idee hoe wydverspreid mensehandel al is nie. Vra die leerder-aanbieders om navorsing te gaan doen oor mensehandel in jou land en in jou dorp of stad. In die volgende sessie sal julle dit wat hulle uitgevind het, bespreek, en ook hoor wat hulle dink kan die oplossing vir die probleem in hulle kultuur wees.

## Sessie 2: Ken jou ware vriende.

**Lys van benodigdhede:** Woordlose boekies, leiersgids, skoenlapperwysers, aanbieder se voorbeeld van ʼn vriendskapsraam, klein stokkies of stukkies kleurvolle wol, geknip in 5 cm-stukkies, kunspapier vir elke student, kryt of kleurpotlode, gom, voorgestelde posters vir Sessie 1 en 2

**Benodigdhede vir leerder-aanbiedersessie:** Bogenoemde voorrade, sowel as dagboeke en penne of potlode

**Voorbereiding vir die klas:** Maak 'n voorbeeld van 'n vriendskapsraam (Kry instruksies in die les.)

**Sessie 1 hersiening:** Studente sit in ʼn sirkel (in banke, op stoele, of op die vloer). Gebruik 10 minute om hersiening van die VVV-storie tot dusver te doen..Vra verskillende kinders om bydraes tot die hersiening te lewer, en bedank elkeen vir sy/haar bydrae. Wys en gebruik jou skoenlapperwyser om na die prente te wys, en hersien die lewensiklus van die skoenlapper. Herhaal al die hoofpunte van Sessie 1: Wat is ʼn keuse? Wat is ʼn droom? Hoekom is skoolgaan belangrik? Wat is ʼn gevolg? (Gebruik die konsepposter van sessie 1 om op te som.)

**Sessie 2 begin:**
Nou gaan ons voort met Bloeiseltjie se storie, en kyk wat volgende gaan gebeur. Onthou, jy hoef nie al die vrae te vra nie. Pas aan by die tyd wat jy tot jou beskikking het.

***Bladsye 26-27:*** *Bloeiseltjie stap by die dorpie se hekke uit, en begin haar lang reis. Teen die oggend ontdek sy dat sy vergeet het om vir haar kos saam te bring. Sy tel dus stokkies op om te eet. Skielik hoor sy ʼn geluid. Sy kruip agter ʼn boomstam weg, en sien toe twee baie vreemde kreature. Sy wonder of dit dalk die Droomdiewe, teen wie Papi haar gewaarsku het, kan wees. Die twee kreature stel hulself aan Bloeiseltjie voor as Kriek en Paddavis. Bloeiseltjie is verbaas om te hoor dat hulle ook na die maanligboom soek. Hulle wag ook vir hulle drome om waar te word. Kriek droom om ʼn sanger te word en Paddavis wil ʼn hoogspringer in atletiek word. Hulle besluit om saam te reis.*

- Prent links onder: Hoekom is Bloeiseltjie so treurig? (Sy het vergeet om haar eie kos saam te bring. Keuses het gevolge.)
- Hoekom kruip sy weg? Hoe voel jy as jy ʼn persoon vir die eerste keer ontmoet?
- Vir wie ontmoet Bloeiseltjie? (Kriek en Paddavis) Is hulle vriende of vyande? Hoe weet jy?
- Wat is in die praatborrel wat van Kriek en Paddavis kom? (Hulle gaan ook na Heuwelrant om na die maanligboom te soek sodat hulle ook van die sade kan eet, en hulle drome kan navolg.)
- Bladsy 27 onder links: Wat is hulle drome? (Indien nodig, verduidelik hoe ʼn paddavis in ʼn padda verander.)
- Hoekom dink jy het ruspers die maanligboom se sade nodig? Hoekom wil ander, soos Paddavis en Kriek, dit ook hê?

***Bladsye 28-29:*** *Die drie vriende ontmoet ʼn paar ruspers. Kriek vra of hulle die maanligboom gevind het. Hulle antwoord toe dat hulle goed wat baie beter is gevind het, terwyl hulle na al die*

*katoeters (goeters) wys wat hulle dra. Blossom sê dat al die katoeters nutteloos is. Sy herinner hulle daaraan dat hulle die dorpie verlaat het met die doel om maanligvrugte te vind met die doel om almal te help. Die ander ruspers lag vir haar. Daardie aand vra Bloeiseltjie vir Kriek en Paddavis waarom hulle nie komberse het nie. Hulle erken toe dat hulle hul komberse vir al die nuttelose goed by die Droomdiewe geruil het. Die volgende oggend moet hulle oor 'n stroompie gaan. Paddavis swem oor en Kriek spring van klip tot klip. Kriek sê toe dat daar boontoe 'n brug oor die stroom is waar Blossom kan oorgaan. Hulle sal haar daar ontmoet. Blossom begin stap, maar verdwaal gou-gou.*

- Links bo: Vir wie het Bloeiseltjie ontmoet? (ander ruspers) Wat dra hulle? Is daardie goed baie waardevol? (Verduidelik dat 'n item waardevol kan wees volgens geldwaarde, maar dit is nie dieselfde as 'n waardevolle persoon nie.)
- Hoekom is Bloeiseltjie se reis moeiliker as wat sy gedink het? (Sy het nie goed beplan nie: die boom was verder as wat sy gedink het.)
- Bloeiseltjie het verdwaal. Hoe voel dit om verdwaal te wees?

**Hersiening: Wie is 'n ware vriend?** Verduidelik aan die studente dat 'n persoon sy eie vriende kies. Vra hulle waarna hulle in 'n persoon soek wanneer hulle 'n vriend kies.

- Hoe weet jy 'n persoon wat jy ontmoet, is 'n vriend? Kan jy dit bepaal as jy kyk hoe hy lyk?
- Noem een woord wat jy sal gebruik om jou beste vriend te beskryf.
- Dink jy Max en Papi is bekommerd oor Bloeiseltjie? Ware vriende gee om vir mekaar.

**Aktiwiteit: Vriendskapsraam**

Studente maak 'n "vriendskapsraam" soos die een op bladsy 3 in die woordlose boekie. Laat studente rondbeweeg om die materiaal vir die aktiwiteit bymekaar te kry. Wys vir die studente bladsy 3 in die woordlose boekie. Wys hulle daarop dat sommige van Bloeiseltjie se beste vriende deel van haar familie is. Laat die studente 'n groot ovaalvorm op die kunspapier trek. Binne-in die vorm moet hulle nou 'n paar van hulle beste vriende teken; die vriende kan familielede wees, of mense buite hulle familiekring. Groepeer hulle dan soos op bladsy 3 in die woordlose boekie. Hulle kan hulself ook in die raam insluit as hulle wil. Vorm dan 'n vriendskapsraam rondom hierdie getroue vriende deur klein takkies of stukkies wol op die kunspapier te plak. Wys die klas die voorbeeld wat jy gemaak het terwyl jy dit verduidelik. Totale tyd vir hierdie aktiwiteit: 15 minute. Laat 7-9 minute toe om die prent te teken, en 4-5 minute om die raam vas te gom. As tyd dit toelaat, laat die studente hulle werk vir die groep wys.

**Hersiening:**

**Watter waarde het 'n ware vriend vir jou?** Mense kan hulself ons vriende noem, maar hulle mag dalk nie dit wees nie. Hoe weet ons? Ons vra 'n belangrike vraag: Hoe behandel ____________ my? Mense kan jou baie mooi behandel as daar geen probleme is nie. Hulle kan jou ook baie sleg behandel gedurende ander tye. 'n Ware vriend vertel jou die waarheid, help jou wanneer jy hulp nodig het, en ondersteun jou as jy jou drome wil navolg.

- Wat dink jy van die ruspers wat nie hulle vriende wou help nie?
- Hoe weet jy dat Kriek en Paddavis ware vriende van Bloeiseltjie is? (Hulle vertel haar die waarheid, help haar wanneer sy hulp nodig het, en wil haar help om haar droom te bewaarheid.)

***Bladsye 30-31:*** *'n Dierbare ou vrou bied Bloeiseltjie 'n paar nuwe skoene aan. Bloeiseltjie pas dit aan, maar het nie geld om dit te koop nie. Die ouvrou sê toe dat sy dit vir haar kombers of die rol*

*kan ruil. Bloeiseltjie besef dadelik dat die ouvrou ʼn Droomdief is. Sy trek die skoene uit, en gooi dit terug na die ouvrou. Die ouvrou gee dadelik pad. Bloeiseltjie hou tot laat in die nag aan met stap. Sy weet nie meer watter kant toe sy moet stap nie. Sy probeer Papi se rol lees vir leidrade, maar verstaan steeds niks daarvan nie. Ten einde laaste het sy haar kombers om haar gedraai en geslaap.*

- Waarteen waarsku Papi vir Bloeiseltjie?
- Wat is ʼn Droomdief? (NIE ʼn ware vriend NIE; iemand wat voorgee om jou ware vriend te wees, maar wat jou bedrieg.)
- Wat merk jy op omtrent die maan op hierdie bladsy?

***Bladsye 32-33:*** *Die volgende oggend wys ʼn jong rusper vir Bloeiseltjie ʼn kaart. Bloeiseltjie dink dat sy ʼn Droomdief is, maar die rusper sê dat die kaart van Kriek af kom, en dat sy dit vir Bloeiseltjie in ruil vir ʼn stuk van haar kombers sal gee. Bloeiseltjie maak die ruiling, maar besef gou dat die kaart nutteloos is. Hartseer erken sy dat sy ʼn leuen van ʼn Droomdief geglo het, en daarby nog ʼn deel van ʼn kombers verloor het. Bloeiseltjie hou aan stap, en sien einde ten laaste die brug. Sy stap oor die brug, en sien dat Kriek en Paddavis haar daar inwag. Hulle wys vir haar ʼn regte kaart.*

- Dink jy hierdie rusper is ʼn vriend van Bloeiseltjie?
- Wat wil die rusper hê dat Bloeiseltjie moet doen? (Ruil ʼn stuk van haar kombers vir die kaart)
- Is hierdie rusper ʼn vriend van Bloeiseltjie? Wat is sy? (Droomdief)
- Is Kriek en Paddavis ware vriende of Droomdiewe? Hoe weet jy?
- reis oor die water voort terwyl Bloeiseltjie verder stap – hierdie keer met ʼn kaart.

***Bladsy 34:*** *Kriek en Paddavis laat Bloeiseltjie hulle kaart op die agterkant van Papi se rol oorteken. Die vriende kom ooreen om later weer te ontmoet wanneer hulle nader aan Heuwelrant is. Kriek en Paddavis sit hulle reis op die water voort terwyl Bloeiseltjie verder stap – hierdie keer met ʼn kaart.*

- Links bo: Wat doen Bloeiseltjie? (Sy teken Kriek se kaart oor op Papi se rol.)
- Hoekom moes Kriek en Paddavis oor die water reis? (Paddavis moet in die water bly. Bloeiseltjie sal hulle later ontmoet.)

**Hersiening: Wat is ʼn Droomdief, en wat wil so ʼn persoon van jou weg vat?** Hoe het die Droomdiewe hulle sover in die storie gedra? Verduidelik dat ʼn Droomdief ʼn leuenaar is wat jou wil oortuig om te doen wat hulle wil hê jy moet doen. Droomdiewe bedrieg jou oor en oor, en probeer om voor te gee dat hulle jou vriende is.

- Vertel van sommige Droomdiewe wat Bloeiseltjie ontmoet het.
- Watter Droomdief het probeer om haar as ʼn vriend van Bloeiseltjie voor te doen? (Almal van hulle)
- Hoe het die Droomdiewe probeer om Bloeiseltjie te stop?
- Watter leuens het hulle aan haar vertel? (Hulle het vertel dat Kriek gesê het dat sy ʼn kaart aan Bloeiseltjie moet verkoop.)
- Wat het Kriek en Paddavis aan Bloeiseltjie gegee toe sy hulle gevind het?
- Dink jy dat Bloeiseltjie besig is om te leer om die onderskeid tussen ʼn Droomdief en ʼn ware vriend raak te sien?
- Wat is die verskil tussen Kriek en Paddavis en die Droomdiewe?
- Op watter manier dink jy sal ʼn Droomdief met jou praat?

**Verband met mensehandel:** Herinner die studente daaraan dat Vlieg-Vlinder-Vlieg slegs ŉ allegorie (simboliese voorstelling) met spesiale lesse is oor hoe jy op ŉ veilige manier jou drome suksesvol kan nastreef. Droomdiewe bestaan nie net in stories nie. Mense wat mensehandelaars is, is in die werklike lewe Droomdiewe.

- Hoe lyk mensehandelaars?
- Hoe kan die feit dat jy jou ware vriende ken jou beveilig teen mensehandelaars?
- As iemand jou iets (soos ŉ selfoon, of ŉ paar skoene) aanbied vir werk of seks, wat sal jy vir hom/haar sê sodat jy dit kan vermy om verhandel te word?
- Wat is die ooreenkoms tussen Droomdiewe en mensehandelaars?


***Beklemtoon die volgende:***

- Droomdiewe kan soos enige mense lyk – selfs soos jou vriende.
- Hulle stel hulle nie voor as mense wat jou wil bedrieg of seermaak nie.
- Hulle kan van enige ouderdom wees.
- Hulle kan mense wees wat jy ken.
- Hulle kan mense wees wat saam met jou skoolgaan – ŉ mede-leerder.

**Bylae tot Sessie 2 vir leerder-aanbieders**
**"Swak, beter en beste vriendskappe"**
*Laat ŉ ekstra 30 minute toe om hierdie ekstra materiaal te behandel.*

Elke leerder moet ŉ joernaal hê met inskrywings van Sessie 1 se vrae (wat moontlik nie op daardie tyd bespreek is nie). Jy kan hierdie week se sessie begin deur hulle geleentheid te gee om dit wat hulle tot dusver geleer het te bespreek. Soos hulle die sessies behandel, sal hulle leer om in die toekoms self te onderrig, en ook hulle joernale te voltooi.

Teken die onderstaande skets op ŉ poster, of enige soort skryfbord, sodat die leerder-aanbieders dit kan oorteken in hulle joernale.



Die boonste twee blokke verteenwoordig die aanbieder en ŉ goeie vriend. Die leerder-aanbieders kan die name daar invul. Op die 7 ander blokke word karaktertrekke, kenmerke, gedrag, aksies of gesindhede waarna hulle in ŉ vriend soek, neergeskryf. Wanneer hulle hul antwoorde onder mekaar in die groep vergelyk, sal sommige van die volgende kwaliteite, gedrag of gesindhede as belangrik na vore kom. Indien dit nie gebeur nie, stel die volgende dan voor: opregtheid, eerlikheid, ondersteuning, bestendigheid, warmte, plesier wees om saam te verkeer (altyd belangrik vir tieners), betroubaarheid, aangenaam, toegewydheid aan vriende.

Vra vir die leerder-aanbieders watter een ding daar is wat ŉ vriend sal doen wat ŉ verhouding met hulle sal vernietig. Verduidelik aan hulle dat net soos goeie verhoudings gebou word op goeie karaktereienskappe en gewoontes, kan slegte verhoudings ontstaan as gevolg van swak

karaktereienskappe: vertel van leuens, bedrog, diefstal, seermaakwoorde, dwelmmisbruik of dwelmhandel, ens.

**Joernaalvrae vir Sessie 2**

Gebruik dieselfde formaat as vir Sessie 1. Bespreek die vrae waarvoor jy nou tyd het, en vra hulle om die ander tuis te voltooi.

- Soms sal jou familie jou aanmoedig om die huis te verlaat. Sal dit altyd die beste vir jou wees?
- Het jy ŉ "veilige" of ŉ betroubare volwassene in jou familie, by die skool, of in die gemeenskap met wie jy kan praat?
- Hoe kan jy weet dat dit reg sal wees om die veiligheid van jou familie te verlaat?
- Watter van jou besittings het die grootste waarde vir jou? Hoekom?
- Is om kosbaar (waardevol) as ŉ persoon te wees gebaseer op wat jy doen, of wie jy is? Hoekom?
- Hoekom probeer Droomdiewe (mensehandelaars) so hard om jou so ver te kry om te doen wat hulle wil hê?
- Wat kan jy doen om te verseker dat jou drome nie van jou weggevat word nie?
- Ken jy enige Droomdiewe in die werklike lewe?
- Wat is die beste manier om mense wat jou iets aanbied in ruil vir werk of seks te hanteer?

**Aktiwiteit**

Aan die einde van Sessie 1 het jy die leerder-aanbieders gevra om navorsing te doen omtrent mensehandel in jou dorp, stad of land. Vra hulle nou om hulle bevindings met mekaar te deel, en ook wat hulle dink is die antwoord vir jou kultuur. Bespreek die volgende statistiek:

- Elke jaar word daar 1.2 miljoen kinders in die wêreld vir seks verhandel. (UNICEF)
- Die gemiddelde ouderdom van sekswerkers oor die wêreld is 11 jaar. Sommige is so jonk soos 5 jaar. (CIA)
- Binne 48 uur nadat ŉ tiener weggeloop het, word hy/sy deur mensehandelaars genader.
- Naas onwettige dwelms is mensehandel die tweede grootste van walglike onwettige industrieë op aarde. In sommige dele van die wêreld is dit reeds nommer 1. (Stop the Traffic)
- Mensehandel genereer 9.5 biljoen Amerikaanse dollar elke jaar. (FBI)

# Sessie 3: Jy is uniek, kosbaar en verdien dit om liefgehê te word

**Voorrade en materiaallys:** Woordlose boekies, leiersgids, aanbieder se skoenlapperwyser, aanbieder se voorbeeld van duimafdruk-ruspers en –skoenlappers vir aktiwiteit, kunspapier vir elke student, drie stempelkussings in verskeie inkkleure (of glimpenne), natlappies om studente se vingerpunte skoon te maak, kryt of kleurpotlode (of glimpenne), konsepposters vir Sessie 1, 2, en 3

**Vir aanbiederssessie:** Bogenoemde voorrade, sowel as joernale en penne of potlode

**Voorbereiding vir die klas:** Maak duimafdruk-ruspers en –skoenlappers (Kyk na instruksies hieronder.)

**Hersiening Sessie 2:** Studente sit in ŉ sirkel (in banke, op stoele of op die vloer). Gebruik 5 minute om die hoofpunte van die Vlieg-Vlinder-Vliegstorie te hersien. (Gebruik konsepposters van Sessie 1 en 2.) Beklemtoon elke hoofpunt van Sessie 2: Wie is ŉ vriend? Watter waarde heg ŉ ware vriend aan jou? Wat is ŉ Droomdief? Wat wil so ŉ persoon (ŉ Droomdief) van jou af wegvat?

**Sessie 3 begin:** Ons gaan voort met Bloeiseltjie se storie vandag, en ek wonder wat sy volgende gaan doen.

***Bladsy 35:*** *Bloeiseltjie stap vir dae en nagte aanmekaar. Sy stop net langs die pad om te eet, en ontmoet baie ander wat ook na die maanligboom soek. Nou is sy egter baie versigtig vir indien van hulle ook Droomdiewe is.*

- Hoe weet jy dat tyd verbygaan? (Die maan verander.)
- Onderste prente: Wie is Droomdiewe? Wie is vriende?

***Bladsye 36-37:*** *Een aand ontmoet Bloeiseltjie ŉ kat wat vir haar ŉ stokkie wys. Hy sê dat dit nie ŉ stokkie is om te eet nie, maar as sy dit water gee, sal dit groei, en ŉ maanligboom word. Bloeiseltjie is agterdogtig, maar besluit om nog ŉ stuk van haar kombers vir die stokkie te verruil – net ingeval hy die waarheid praat. Die stokkie het baie gou doodgegaan, en Bloeiseltjie het besef dat ŉ Droomdief weer eens vir haar gejok het. Bloeiseltjie besef ook hoe dom sy was om ŉ deel van haar kombers vir nuttelose goed te verruil. Op die agterkant van Papi se rol teken sy iets om haar daaraan te herinner. Die Droomdiewe het volgehou om haar te probeer bedrieg. Sy teken toe nog iets op die agterkant van die rol om haarself daaraan te herinner om sterk te wees, en nie hulle leuens te glo nie.*

- Wat het die kat belowe? Wat het regtig met die stok gebeur?
- Wat was Bloeiseltjie se keuse? Wat was die gevolg?
- Wat is die lesse wat Bloeiseltjie besig is om te leer? Is sy reeds besig om die raaisel op te los?

***Bladsye 38-39:*** *Laat een nag het ŉ man vir Bloeiseltjie ŉ lantern aangebied. Hy wou geen geld daarvoor hê nie. Hy het ook gesê dat iemand vir haar olie gratis sal gee om die lantern vol te maak. Sy het sy aanwysings gevolg, maar is tog omring deur Droomdiewe. Hulle het haar kombers en die rol gesteel, en haar weggesleep na waar hulle haar agter ŉ muur toegesluit het. Hulle het haar daar gelos. Bloeiseltjie het rondgekyk na ŉ manier om te ontsnap. Sy het gegrawe*

*en gegrawe, en toe probeer om haar deur ʼn gat in die muur te wring, maar dit was te klein vir haar. Daar was geen manier om daar uit te kom nie.*

- Op watter manier het die man wat vir Bloeiseltjie die lantern gegee het haar bedrieg?
- Bloeiseltjie het reeds ʼn waardevolle les geleer ten opsigte van die Droomdiewe. Hoekom dink jy het sy die lantern en die olie by hulle geneem?
- Hoe voel Bloeiseltjie nou? (Nie kosbaar nie, nie geliefd nie)

**Hersiening: Hoe weet jy dat jy kosbaar is? Weerhou foute en swak keuses jou om kosbaar te wees?**

Bloeiseltjie leer waardevolle lesse oor wie om te vertrou en om goeie keuses te maak. Sy leer wie ware vriende is, en dat om ongeduldig (nie gewillig om te wag nie) te wees jou duur te staan kan kom. Elke persoon is uniek (enig in sy soort), kosbaar, en verdien om goed behandel te word. Dit was vir Bloeiseltjie baie moeilik om geduldig te wees (gewillig om te wag). Elke keer as Bloeiseltjie ongeduldig is, en ʼn swak keuse maak, verloor sy iets, en voel sy baie sleg daaroor. Die tekeninge wat Bloeiseltjie op die rol maak, help haar om die lesse wat sy leer te onthou. Wanneer jy verkeerde keuses gemaak het, of as mense jou sleg behandel het, kan dit baie moeilik wees om te onthou dat jy kosbaar is. As Bloeiseltjie net kan onthou hoe kosbaar sy regtig is, dat sy as ʼn persoon saak maak, en dat haar drome ook saak maak, dan sal sy beter keuses in die toekoms kan maak.

- Wat het Bloeiseltjie tot dusver verloor? Het sy steeds haar droom, of is dit ook van haar gesteel?
- Gaan sy deur ʼn moeilike tyd om te onthou dat sy uniek en kosbaar is?
- Watter besluit sou haar veilig gehou het, en haar kosbaar en geliefd laat voel het?

Toe sien Bloeiseltjie ʼn boom aan die binnekant van die muur waar sy gevange gehou word. Aan die boom hang daar skoene, televisies, selfone, kameras en baie ander goed. Sy het in die boom geklim om die goed te bekyk. Sy het ook besef dat die katoeters (goeters) wat aan die boom hang, die goed is wat die Droomdiewe gebruik om haar en baie ander te bedrieg, en in die versoeking te bring.

***Bladsye 40-41:*** *Toe sien Bloeiseltjie ʼn boom aan die binnekant van die muur waar sy gevange gehou word. Aan die boom hang daar skoene, televisies, selfone, kamera, en baie ander goed. Sy het in die boom geklim om die goed te bekyk. Sy het ook besef dat die katoeters (goeters) wat aan die boom hang, die goed is wat die Droomdiewe gebruik om haar en baie ander te bedrieg, en in die versoeking te bring.*

Is die boom eg? Hoekom het die Droomdiewe ʼn nagemaakte boom? (Dit is ʼn namaaksel van die maanligboom, die enigste oorblywende boom.)

- Wat sien Bloeiseltjie hang aan die nagemaakte boom van die Droomdiewe?
- Hoe gebruik die Droomdiewe die items aan die boom om drome te steel?

***Bladsye 42-43:*** *Bloeiseltjie is baie moeg, en wens sy was eerder in haar eie bed. Sy het nie eers meer haar kombers nie, want die Droomdiewe het dit gesteel toe hulle haar ontvoer het. Sy raak op een van die takke aan die slaap. Sy word wakker, en sien vir Silwerwind. In plaas van baie bly wees, is sy egter geskok, want hy draai takke met skerp dorings om haar totdat sy heeltemal daardeur bedek is. Die Droomdiewe het vir Bloeiseltjie gesoek, maar kon haar nie vind nie.*

- Boonste prente: Waaraan dink Bloeiseltjie? Wie is aan die kom? Hoekom?
- Onderste prent: Hoekom is Bloeiseltjie verbaas?
- Wat word die doringtakke? Wie is binne-in? Wat dink jy gaan volgende gebeur?

- Hoekom kan die Droomdiewe Bloeiseltjie nie kry nie?

***Bladsye 44-45:*** *Bloeiseltjie het, heeltemal bedek deur die doringtakke, onthou wat sy verkeerd gedoen het: Sy was ongehoorsaam aan Papi wat wou gehad het dat sy op skool moes bly. Sy het stukke van haar kombers verruil vir katoeters by die Droomdiewe. Bloeiseltjie besef dat sy baie foute het, en verkeerde keuses gemaak het. Sy is baie jammer daaroor. Silwerwind het gekom en gewaai waar Bloeiseltjie deur die doringtakke gevange gehou is. Hy het haar kombers ook teruggebring. Bloeiseltjie het vir dae gewag, en Silwerwind was altyd daar.*

- Waaraan dink Bloeiseltjie? (Die swak keuses wat sy gemaak het, en die gevolge daarvan)
- Regs onder: Wat is aanvaarding? (Jy is jammer oor iets wat jy gedoen het, **EN** is gewillig om te verander.)
- Wat is besig om met Bloeiseltjie te gebeur?(Gebruik die vorms op jou skoenlapperwyser om te hersien.
- Bo middel: Wat het binne-in die kokon saam met haar verskyn? (Bloeiseltjie se kombers) Wie het haar kombers vir haar teruggebring? (Silwerwind)
- Bloeiseltjie wil so gou as moontlik uit die wingerdtakke kom, want dit is baie pynlik. Silwerwind wou gehad het dat sy daar moet bly sodat sy aanvaarding moet leer.
- Is om jammer te wees dieselfde as om te verander? (Aanvaarding beteken om jammer te wees, en bereid te wees om te verander.)

***Bladsye 46-47:*** *Op 'n dag, toe die tyd reg was, kon Bloeiseltjie loskom van die doringtakke. Sy moes egter met al haar kragte geskop en gedruk het, want die takke was hard. Toe sy uiteindelik loskom, was sy so moeg, dat sy dadelik aan die slaap geraak het. Sy het nie eers agtergekom dat sy verander het nie. Toe Bloeiseltjie wakker word, hoor sy die Droomdiewe aankom. Sy weet dat hulle haar daar sal kry. Vinnig klim sy uit die boom uit.*

Herinner die studente daaraan dat om uit ŉ kokon uit te breek baie moeilik is, maar dit help die skoenlapper om die spiere in sy vlerke te versterk, anders sal die skoenlapper nooit kan vlieg nie.

- Wat is anders aan Bloeiseltjie toe sy uit die doringtakke uitkom?
- Bo middelste prent: Hoekom is Bloeiseltjie geskok? (Sy het nou vlerke.)
- Weet sy wat vlerke is, en hoe om dit te gebruik?

**Aktiwiteit: Duimafdruk-ruspers en -skoenlappers**

Laat die kinders toe om op te staan, en rond te beweeg om materiaal vir hierdie aktiwiteit te kry. Gedurende hierdie aktiwiteit moet jy die kinders gedurig daaraan herinner dat hulle vingerafdrukke uniek (enig in sy soort) is. Vingerafdrukke is ŉ bevestiging dat hulle kosbaar is, en verdien om bewaar te word. Elkeen verskil van elke ander persoon in die wêreld, en is in staat om ŉ besondere bydrae te maak tot hulle familie, die gemeenskap, en die wêreld. Gebruik inkkussings of glimpenne om duimafdrukke te maak. Om ruspers te maak, druk vier of vyf duimafdrukke in ŉ ry, en gebruik kryte om voete, oë, ensovoorts te teken. Om skoenlappers te maak, maak twee duimafdrukke langs mekaar om die vlerke voor te stel, en gebruik kryt om die voelers, oë, ensovoorts te teken. Dit kan maar ŉ morsige affêre wees. Maak seker dat jy nat lappies beskikbaar het om hulle vingers skoon te maak. Laat die kinders hulle ruspers en skoenlappers name gee. Soos Bloeiseltjie is elke student enig in sy/haar soort met sy/haar eie spesiale drome en begeertes. Laat die studente hulle unieke ontwerpe vir mekaar wys indien die tyd dit toelaat.

***Bladsye 48-49:*** *Bloeiseltjie hoor toevallig dat die Droomdiewe sê dat hulle haar moet kry sodat sy die tekeninge op die rol kan verduidelik. Sy weet toe dat sy moet ontsnap. Sy kry die gat wat sy*

*deur die muur gegrawe het. Alhoewel sy te groot vir die gat was om deur te kruip, probeer sy weer. Net toe die Droomdiewe die deur oopmaak, kry Bloeiseltjie dit reg om deur die gat te kruip. Toe sy aan die anderkant van die muur is, weet sy nie watter kant toe sy moet gaan om te ontsnap nie. Sy wou nie dat enigeen haar vlerke sien nie, dus steek sy dit onder haar kombers weg. Sy het gestap en gestap totdat sy, totaal uitgeput, die stroom bereik het.*

- Prent bo in die middel: Die Droomdiewe het Bloeiseltjie se rol in hulle besit, maar verstaan nie wat daarop geskryf of geteken is nie. Hulle het Bloeiseltjie nodig om dit vir hulle te verduidelik.
- Hoekom kon sy nie vroeër ontsnap het nie, maar wel nou? (Haar liggaam het verander.)
- Hoekom draai Bloeiseltjie haar kombers om haar vlerke? (Sy steek haar vlerke weg.)

***Bladsye 50-51:*** *Bloeiseltjie kyk na haar spieëlbeeld in die stroom, en is geskok om te sien wat op haar rug groei. Sy het nog nooit sulke goed gesien nie, en begin van skaamte te huil. Toe sy die ander hoor aankom, kruip sy weg. Sy hoor hulle sê dat die Droomdiewe haar soek. Sy weet toe dat sy ŉ keuse het: sy kan probeer om die maanligboom te kry, of sy kan na Papi en Max terugkeer.*

- Wat is Bloeiseltjie se reaksie toe sy haar vlerke sien? (Sy is skaam.)
- Waarom het sy van die ander ruspers weggekruip?
- Prent heel onder: Watter keuse moet Bloeiseltjie nou maak? Wat kan die gevolg van elke keuse wat sy mag maak, wees?
- Prent bo links: Wat beteken die vorm van die maan? (Volmaan, dus is die maanligboom reeds in blom. Dit beteken Bloeiseltjie sal nie betyds daar kon kom nie.)

***Bladsye 52-53:*** *Bloeiseltjie kyk op in die lug, en sien dat dit nie volmaan is nie. Sy weet dat die maanligboom slegs tydens volmaan blom, dus sal sy moet wag. Sy wil nie huis toe gaan nie, want sy voel verleë om Papi te sien nadat sy ongehoorsaam aan hom was, maar sy het geen keuse nie. Sy het met die lang pad huis toe begin stap. Uiteindelik het Bloeiseltjie by die dorpie se hekke aangekom. Sy het geaarsel om in te gaan, want sy het nie geweet wat almal sal sê nie. Toe die ander ruspers haar sien, het hulle gelag, want sy het so anders gelyk. Papi het egter nader gehardloop, en haar gegroet.*

- Wat besluit Bloeiseltjie om te doen en hoekom? (Sy keer terug na Takkiesvallei sodat sy haar beter kan voorberei. Sy weet dat die Droomdiewe op die uitkyk is vir haar, en die maan is nie vol nie, dus sal die maanligboom nie binne die volgende weke blom nie.)
- Het Bloeiseltjie saad vir almal in Takkiesvallei gebring soos sy graag wou? (Nee, nes al die ander wat die dorpie verlaat het, het sy nie gedoen wat sy belowe het nie.)
- Waar is Papi, en hoekom hardloop hy na Bloeiseltjie toe? Wat dink jy sal hy doen, of sê?

**Hersiening: Wat is onvoorwaardelike liefde?** Onvoorwaardelike liefde beteken dat die ander persoon bereid is om jou te aanvaar, te verwelkom, warmte te gee en te respekteer, maak nie saak wat gebeur het nie. Onvoorwaardelike liefde kan nie gevolge van keuses verwyder nie, maar dit kan maak dat jy veilig en kosbaar voel, en hoop het vir jou toekoms. Onvoorwaardelike liefde is wat Papi vir Bloeiseltjie aanbied. Hy is nie gelukkig daaroor dat sy ongeduldig en ongehoorsaam aan hom was nie. Hy is egter baie gelukkig om haar, met haar nuwe vlerke, weer by die huis te hê. Papi sien belofte en hoop in Bloeiseltjie se nuwe vlerke.

- Wie is vir jou so lief soos Papi vir Bloeiseltjie?
- Sou Bloeiseltjie geweet het dat Papi haar op so ŉ manier liefhet as sy nie omgedraai het, en terug huis toe gekom het nie?

**Waar is ’n veilige plek vir jou waar jy liefgehê sal word, en kosbaar en beskermd sal voel?** ’n Veilige plek is waar jy liefgehê sal word, kosbaar en beskermd teen teistering sal voel, terwyl jy opgroei, foute maak, en daaruit leer. ’n Veilige plek is waar jou drome en hoop as waardevol beskou sal word, en waar ander jou sal help om goeie keuses te maak om jou drome te vervul.

- Bloeiseltjie het ’n veilige plek tuis by Papi en Max. Het jy so ’n veilige plek?
- Wie help jou om goeie keuses te maak? Wie praat met jou oor jou drome en jou hoop?

**Verband met mensehandel:** Herinner die studente daaraan dat Vlieg-Vlinder-Vlieg ’n allegorie met spesiale lesse oor hoe om jou drome veilig en suksesvol na te streef, is. Bloeiseltjie se ongeduldigheid, weggaan om die maanligboom te vind sonder om haar aan Papi se raad oor opvoeding te steur, het daartoe gelei dat sy Droomdiewe ontmoet het voordat sy geweet het hoe om hulle te hanteer.

- Kan jy verduidelik hoekom iemand wat ongeduldig is in gevaar verkeer om verhandel te word?
- Hier volg sommige van die leuens wat mensehandelaars vertel:
  "Ek kan jou help om ’n werk as ’n kelnerin, model, of ’n kinderoppasser te kry."
  "Ek het geld om jou in die stad te laat skoolgaan."
  "Ek kan jou help om ’n visum na ’n ander land te kry."
  "Jy sal jou familie kan help as jy na my luister."
  "Die geld wat jy sal verdien, sal na jou familie gestuur word om hulle te help."
  "Ek het baie geld, en wil daarvan vir jou gee."
  "Jou vriende het geld en mooi goed; hoekom nie jy ook nie?"
  "Jy help my, en ek help jou."
- Hoekom sal iemand wat ongeduldig is hierdie leuens glo?
- Hoe kan die feit dat jy weet dat iemand jou onvoorwaardelik liefhet, jou beveilig teen mensehandelaars?
- Hoe kan ’n veilige plek waar jy opgroei jou drome lewendig hou?
- Kan iemand wat verhandel is verander, en berou toon soos Bloeiseltjie, en dan terugkeer huis toe? Ken jy enige iemand wat dit al gedoen het?

**Bylae tot Sessie 3 vir aanbieders**
**"Wees beskermd terwyl jy opgroei"**
*Laat ’n ekstra 30 minute toe om hierdie materiaal te behandel.*

Elke leerder-aanbieder behoort ’n joernaal te hê met inskrywings van Sessies 1 en 2. Gee die studente kans om vrae te vra wat moontlik by hulle ontstaan het in verband met die idees in hierdie of die vorige sessies. Hanteer joernaalvrae soos in die vorige sessies.

In Sessie 3 het Bloeiseltjie haarself in die moeilikheid bevind deur na die Droomdiewe te luister, en ten slotte ontvoer te word. Deel van die rede vir haar probleme is dat sy nie veilig tuis by Papi gebly het terwyl sy opgegroei het nie. Wanneer jy nog onvolwasse is, is dit maklik om foute te maak, want jy weet nie hoe die wêreld daar buite werk nie. Bloeiseltjie se vlerke is ’n teken dat sy besig is om volwasse te word.

- Watter tekens toon dat jy besig is om volwasse te word? Dit kan fisiese, verstandelike of emosionele telkens wees. (As jy ’n skryfbord, of 'n witbord het, kan jy die antwoorde neerskryf soos die studente dit opnoem.)

- Bloeiseltjie het na Papi teruggekeer om innerlik (haar gedagtes en haar hart) volwasse te word, net soos sy uiterlik volwasse geword het. Wie het jy in jou lewe om jou te help beskerm en raad te gee terwyl jy innerlik en uiterlik volwasse word?

Laat die leerder-aanbieders ʼn groot stopteken op ʼn bladsy in hulle joernale teken. Vra hulle om een feit op die stopteken te skryf wat hulle aan jonger, minder volwasse kinders sal vertel om hulle teen mensehandelaars te beskerm.

**Joernaalvrae vir Sessie 3**
Gebruik hier dieselfde metode as vir die vorige sessies. Bespreek waarvoor jy tyd het gedurende die lesuur, en laat die leerder-aanbieders die res tuis voltooi:

- Soos die Droomdiewe is mensehandelaars vol selfvertroue dat hulle mense sover sal kan kry om hulle drome vir nonsens te verruil. Hoekom is hulle so vol selfvertroue dat hulle dit sal regkry?
- Hoe dink jy sal ʼn mensehandelaar met jou praat?
- Het jy al ooit so vasgekeer gevoel soos Bloeiseltjie binne-in die kokon? Was dit goed of sleg om so vasgekeer wees? Wat het jy uit hierdie ervaring geleer?
- Daar is tye dat jy nie geduldig moet wees, en net aanvaar wat met jou gebeur nie. Kan jy aan ʼn voorbeeld dink?
- Vir wie het jy onvoorwaardelik lief? Wie het vir jou onvoorwaardelik lief, soos Papi vir Bloeiseltjie?
- Wat beteken onvoorwaardelike liefde vir jou?
- Hoekom is dit so moeilik om iemand onvoorwaardelik lief te hê?

**Aktiwiteit**
Indien daar ʼn antimensehandel-taakmag of SAPD-afdeling is wat spesifiek mensehandel beveg, nooi hulle om met jou leerder-aanbieders te kom praat (vir hierdie sessie, of enige volgende een).

**Taak:** Vra die leerder-aanbieders om vir jul volgende sessie navorsing te doen omtrent die verskillende soorte mensehandel.

## Sessie 4: Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd.

**Voorrade- en materiaallys:** Woordlose boekies, leiersgids, aanbieder se skoenlapperwyser, ŉ voorbeeld van ŉ "geheime rol" vir die aktiwiteit, kunspapier (wat maklik kan oprol) Opsioneel: kopieë van die inkleurbladsy van die tekeninge op Bloeiseltjie se rol (sien bladsy 66), gom, klein stukkies materiaal (20 cm x 10 cm) en ŉ stukkie wol van 25 cm lank vir elke student, kryte, of kleurpotlode, of glimpenne, konsepposters vir Sessies 1, 2, 3, en 4.

**Vir leerder-aanbiedersessie:** Al bogenoemde voorrade, sowel as joernale en penne of potlode.

**Voorbereiding vir die klas:** Maak ŉ geheime rol (Sien instruksies hieronder.)

**Hersiening van sessie 3:** Studente kan in ŉ sirkel sit (in hulle banke, op stoele, of op die vloer). Hersien die konsepposters van sessies 1, 2, en 3. Hersien die volgende punte: Wat beteken dit as ŉ persoon uniek is? Wat beteken dit om as persoon kosbaar te wees? Wat is onvoorwaardelike liefde? Die vorige sessie eindig waar Bloeiseltjie ŉ klomp moeilike lesse leer. Sy kry haar nuwe vlerke, en keer terug huis toe na Papi toe, maar sonder dat haar droom bewaarheid is.

**Sessie 4 begin:**
Hierdie week leer ons wat gebeur nadat Bloeiseltjie terug gekeer het huis toe. Dink jy dat sy sal uitvind waarvoor sy haar vlerke kan gebruik?

***Bladsy 54:*** *Papi omhels Bloeiseltjie. Sy vertel hoe sy weggegaan het, en vra hoe dit met Max gaan. Max slaap, maar sy gaan in om hom te sien. Toe sy hom soen, word hy wakker, en begin huil, want hy dink sy lyk vreemd.*

- Hoe reageer Papi teenoor Bloeiseltjie toe sy weer tuiskom?
- Hoekom is Max geskok om te sien hoe Bloeiseltjie lyk?

***Bladsye 55:***
*Papi gee vir Bloeiseltjie ŉ bakkie stokkiesop terwyl sy hom van die Droomdiewe vertel. Sy bely dat sy Papi se rol gevat het, en dat die Droomdiewe dit van haar gesteel het. Sy vertel ook wat sy agterop die rol geteken het om haar te herinner aan die belangrike lesse wat sy geleer het. Sy teken hulle een vir een op ŉ stuk papier vir Papi, en verduidelik elkeen:*

| | | |
|---|---|---|
| *1* | *Tekening van ŉ droë stok* | *(dit beteken "Keuses het gevolge.")* |
| *2* | *Kriek en Paddavis:* | *("Ken jou ware vriende.")* |
| *3* | *Bloeiseltjie en ŉ juweel:* | *("Jy is uniek, kosbaar en verdien dit om liefgehê te word.")* |
| *4* | *Kokon:* | *("Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd")* |
| *5* | *Skoenlapper:* | *(Sy het vlerke, maar sy verstaan nie hoekom nie, of wat hierdie prent beteken nie.)* |

- Die Droomdiewe het Papi se rol gesteel. Bloeiseltjie teken vir Papi wat sy op die agterkant van die rol geteken het, voordat dit gesteel is.
- Bloeiseltjie erken teenoor Papi dat sy die familie se rol verloor het. Watter 5 items het sy vir hom geteken?

- Hoe reageer Papi? (Hy is steeds lief vir Bloeiseltjie en vergewe haar.)

**Aktiwiteit: Geheime rol**
Laat die kinders opstaan en rondbeweeg om die materiaal te kry om die aktiwiteit mee te doen. Jonger studente kan die inkleurbladsy van die rol eers inkleur, en dan op die groter papier plak. Ouer studente kan die kunspapier gebruik, en die simbole wat Bloeiseltjie geteken het, oorteken. Hulle kan ook ander simbole, wat 'n spesiale betekenis vir hulle het, byvoeg, soos byvoorbeeld iets wat 'n droom, wat hulle vir hulself het of 'n lewensles, wat hulle nooit sal vergeet nie, voorstel. Wys hulle die voorbeeld wat jy gemaak het. Wanneer hulle geheime rolle voltooi is, laat hulle dit oprol, en in 'n stukkie materiaal toerol, net soos Papi se kombers, en bind dit dan met 'n stukkie wol vas.

- Watter simbole en tekeninge op Bloeiseltjie se rol verbaas jou die meeste?
- Wie sal jy kies om vir jou in jou eie lewe te help? Hoekom?

**Hersiening: Wat is geduld en hoekom is dit so moeilik om geduldig te wees?**
Blossom het sommige dinge geleer wat sy nooit wil vergeet nie. Sy het 'n geheime papierrol gemaak, net soos jy gedoen het. Een van die moeilikste lesse wat sy geleer het, was om geduldig te wees (om vir iets te wag om te gebeur). Sy het 'n bietjie oor geduld geleer en nou moes sy dit toepas.

- Hoekom is dit so moeilik om geduldig te wees?

***Bladsye 56-57:*** *Die volgende oggend terwyl Bloeiseltjie en Max nog in hulle beddens lê en slaap, het iets vreemds by die venster ingekom: sonlig. Max sien dit eerste, en maak Bloeiseltjie wakker om haar te vertel. Hulle altwee het hulle na Papi gehaas om hom te vertel, en hardloop toe na buite. Almal het na die son gekyk, en met vreugde gesien dat Donkerwolk besig is om op te breek. Daar is nog steeds niks anders om te eet behalwe stokkiesop nie. Bloeiseltjie het die hele namiddag gebruik om stokkies bymekaar te maak, en gedroom van die maanligboom.*

- Hoekom het Donkerwolk begin opbreek? (Iemand moes die raaisel opgelos het.)
- Donkerwolk is weg, maar wat moes Bloeiseltjie nog steeds elke dag doen?

***Bladsye 58-59:*** *Daardie aand maak Papi stokkiesop vir aandete. Bloeiseltjie sit vir Max in die bed, en hy vra toe vir maanligbredie. Bloeiseltjie kan nie ophou droom van die maanligboom nie. Elke nag droom sy dat sy na die boom toe gaan en maanligvrugte en saad vir almal saambring.*

- Op hoe 'n manier is Bloeiseltjie geduldig?

***Bladsye 60-61:*** *Bloeiseltjie vertel vir Papi sy wil weer probeer om die boom te kry. Hy sê dat sy belangrike lesse tydens haar avontuur geleer het, en herhaal wat sy hom vertel het (p. 55). Hy sê dit verduidelik die geheimsinnige tekeninge op die agterkant van die rol. Papi sê dat as Bloeiseltjie eers hierdie lesse geleer het, sal sy kan uitmaak wat die tekeninge beteken, en waarom Donkerwolk verdwyn het. Sy het die raaisel opgelos. Papi belowe Bloeiseltjie dat as sy wag tot sy graad 12 op skool voltooi het, dan kan sy weer probeer om die maanligboom te vind.*

- Bloeiseltjie het die raaisel op die rol opgelos; dit is hoekom Donkerwolk besig is om weg te gaan, en sonlig terugkeer. Hoe dink jy voel Bloeiseltjie?
- Wat hang teen die muur? ('n almanak waarop die dae tot by die dag wat sy graad 12 op skool voltooi, afgemerk is.)

**Hersiening: Hoekom is jou drome die moeite werd om hard voor te werk en daarvoor te wag?** Bloeiseltjie hou styf vas aan haar droom om weer vir die maanligboom te gaan kuier, en dan terug te keer met saad, maar sy weet dat voordat sy gaan, moet sy eers haar skoolloopbaan voltooi. Baie harde werk lê vir haar voor. Sy sal vasberade moet wees, en haar nie laat ontmoedig nie.

- Het jy al ooit baie hard gewerk vir iets wat jy baie graag wou hê? (Die leier kan ŉ persoonlike voorbeeld vertel om die studente te help verstaan wat is harde werk en deursettingsvermoë.)
- Het jy ontmoedig geword terwyl jy so hard gewerk het?

***Bladsye 62-63:*** *Bloeiseltjie werk hard op skool. Sy bly dink aan die maanligboom al doen sy wat ook al. Hierdie keer berei sy voor deur vir haar ŉ sak met items wat sy sal nodig kry te pak. Uiteindelik het die dag aangebreek dat sy graad 12 aan die Rusperskool geslaag het. Papi en Max stap saam met Bloeiseltjie tot by die dorpie se hek, en sê vir haar tot siens. Hierdie keer is sy voorbereid. Sy teken ŉ kaart soos die een wat Kriek en Paddavis vir haar gegee het. Hierdie keer praat sy nie eers met die Droomdiewe as sy hulle raakloop nie.*

- Op watter manier verskil Bloeiseltjie se voorbereiding hierdie keer van haar eerste reis?
- Hoe het die Droomdiewe probeer om Bloeiseltjie te bedrieg?

***Bladsye 64-65:*** *Die Droomdiewe hou nie op om vir Bloeiseltjie te probeer bedrieg nie. Eindelik kom sy by dieselfde brug as op haar eerste reis aan. Toe Bloeiseltjie oor die brug stap, hoor sy iemand sing. Sy kruip agter ŉ rots weg, maar is verras om haar ou vriende, Kriek en Paddavis, te sien. Kriek se droom is bewaarheid. Hy kan sing. Maar Paddavis kan nog nie hoogspring nie. Sy vertel hulle hoe die Droomdiewe haar ontvoer het.*

- Wat doen Bloeiseltjie wanneer sy ŉ Droomdief ontmoet? (Ignoreer hulle)
- Wat is anders aan Bloeiseltjie se vriende as sy hulle weer ontmoet?

***Bladsye 66-67:*** *Bloeiseltjie vertel vir Kriek en Paddavis hoe sy in die doringtakke vasgevang is, en hoe sy anders gelyk het toe sy uiteindelik daaruit kon gekom het. Sy aarsel om hulle te wys hoe sy nou lyk. Sy is skaam, maar hulle dink dat sy pragtig lyk. Bloeiseltjie wys haar kaart vir Kriek. Hulle besef dat om by die maanligboom uit te kom, moet hulle verby die plek loop waar hulle vir Bloeiseltjie gevange gehou het. Hulle reis gedurende die nag, en hulle is so naby dat hulle die Droomdiewe oor Bloeiseltjie kan hoor praat. Twee van die vriende slaap, en die derde hou wag in geval die Droomdiewe op hulle afkom. Toe hulle uiteindelik Heuwelrant bereik, sê Bloeiseltjie dat sy die heuwels wil uitklim terwyl Kriek en Paddavis vir haar wag.*

- Wat is Kriek se reaksie toe Bloeiseltjie haar vlerke vir hom wys?
- Waar moes die vriende verbygaan op pad na die maanligboom toe?
- Op watter manier is Kriek en Paddavis ware vriende van Bloeiseltjie? (Die vriende maak beurte om te slaap, en om wag te staan om mekaar te beskerm.)

***Bladsy 68:*** *Die vriende besluit dat Bloeiseltjie Heuwelrant sal uitklim, en vir die maanligboom sal soek, terwyl Kriek en Paddavis sal waghou. As die Droomdiewe probeer om haar agterna te sit, sal Kriek sing om haar te waarsku. Bloeiseltjie begin klim. Uiteindelik bereik sy ŉ rots, en besef sy dat daar ŉ groot kloof tussen haar en die maanligboom is. Sy kan dit op ŉ afstand sien, maar sy kan nie oor die kloof kom nie, want dit is baie wyd. Sy weet nie wat om te doen nie. Sy is so moeg dat sy aan die slaap raak.*

- Wat is die vriende se plan?
- Watter probleem staar Bloeiseltjie in die gesig?

- Wat is die gesingery? (Kriek se waarskuwing) Het Bloeiseltjie dit gehoor?

**Hersiening: Wie kan jou help om sterk te wees, terwyl jy geduldig is, hard werk, en wag vir die regte tyd om jou drome te bewaarheid?**
Bloeiseltjie het vir Papi en haar ware vriende om haar te help om sterk te wees, en aan haar drome vas te hou, terwyl sy hard werk om hulle te bewaarheid.

- Hoekom het Bloeiseltjie verkies om Papi te gehoorsaam? Hoekom was dit ŉ goeie ding om te doen?
- Hoekom het Bloeiseltjie besluit om saam met haar vriende te reis, in plaas van op haar eie? Hoekom is dit belangrik?
- Noem ŉ paar goed wat Bloeiseltjie hierdie keer gedoen het om voor te berei vir die reis wat sy nie die vorige keer gedoen het nie.

**Aktiwiteit:** Vra die studente om hulle rolle uit te haal, en ŉ prent te teken of die name neer te skryf van die mense in hulle lewe wat hulle kan help om sterk te wees terwyl hulle geduldig wag, en hard werk om hulle drome te bereik. Herinner hulle daaraan dat hierdie mense ŉ baie belangrike deel van hulle geheime plan uitmaak om veilig te bly totdat hulle drome bewaarheid word.

**Verband met mensehandel:** Geduld en deursettingsvermoë is noodsaaklik om te sorg dat jy nie deel word van mensehandel nie. Jy sal dalk moet "nee" sê vir mense wat jou vele kere probeer mislei. Jy sal dalk jou ook moet verweer teen volwassenes wat nie in jou drome geïnteresseerd is of jou ondersteun nie.

- Wat is sommige van die dinge wat ŉ jongmens ervaar voordat hy/sy ŉ slagoffer van mensehandel word?
    1. Hulle maak swak keuses.
    2. Hulle glo die leuens wat mensehandelaars hulle vertel.
    3. Hulle glo die mensehandelaars is hulle vriende.
    4. Hulle kan nie onderskei tussen onvoorwaardelike en voorwaardelike liefde nie. Soms sê mensehandelaars dat hulle hul liefhet, maar dit is die verkeerde soort liefde.
    5. Hulle wil die beloftes van die mensehandelaars glo.
    6. Hulle is ongeduldig, en wil nie wag vir die regte tyd om hulle drome te bewaarheid nie.

**Bylae tot Sessie 4 vir leerder-aanbieders:**
**"Beskryf jou drome in woorde, en werk daaraan om jou drome te bewaarheid"**
*Laat ŉ bykomende 30 minute toe vir die ekstra materiaal.*

Voor die klas begin: Die leier moet sy/haar eie doelstellingsaktiwiteit voorberei soos hier onder beskryf word, byvoorbeeld, hoe ŉ persoonlike opvoedkundige doel bereik is deur spesifieke stappe te neem. Teken ŉ leer op 'n skryfbord of poster. Maak die sporte van die leer wyd genoeg sodat jy daarop kan skryf. Noem die leer "My Drome in Woorde". Op elkeen van die laer sporte skryf jy die kleiner stappe wat jy moes neem om jou doel te bereik. Teken ŉ klein figuurtjie aan die een kant wat iemand voorstel wat jou ondersteun het tydens jou reis.

Elke leerder-aanbieder behoort ’n joernaal te hê met inskrywings van Sessies 1-3. Beantwoord die studente se vrae oor konsepte of idees in hierdie of vorige sessies. Behandel joernaalvrae soos in die vorige sessies.

Die konsepte en storielyn in Sessie 4 beklemtoon aan die studente die belangrikheid van ’n ware, geformuleerde, neergeskryfde plan om hulle drome te bewaarheid. Bloeiseltjie het ware vriende, ’n tuiste waar sy ondersteun word, en ’n rol waarop alles wat sy geleer het, neergeskryf is. Dit is makliker vir haar om haarself toe te wy aan harde werk, en voorgesette geduld, omdat sy al die bogenoemde in plek het.

Laat die leerder-aanbieders die leer-illustrasie in hulle joernale teken. Hulle moet bo-aan die leer ’n doel (lang- of korttermyn) skryf. Dit is hulle droom. Laat hulle hardop daaroor redeneer, en saam besluit watter stappe hulle moet neem om hulle doel te bereik. Skryf op die laer sporte die kleiner stappe waarop hulle besluit het neer.

Teken ’n persoon aan die kant van die leer wat die afrigter of volwasse ondersteuner kan wees, wat sal help met motivering en toewyding as hulle moedeloos of ongeduldig raak. Vra ook die studente om die naam van die persoon in die joernaal neer te skryf. Papi het vir Bloeiseltjie gemotiveer. Herinner die studente daaraan dat dit baie belangrik is om die ondersteuning van ’n volwasse persoon (’n ouer vriend, ’n betroubare vriend van die familie, ’n ouer familielid, iemand wat in sy/haar verlede dieselfde doel gehad het en dit bereik het) te hê om hulle te help om by hulle plan om hulle drome te bewaarheid te bly.

**Joernaalvrae vir Sessie 4**

Gebruik dieselfde manier as tydens die vorige sessies; bespreek waarvoor jy tyd het, en vra die leerder-aanbieders om die res tuis te voltooi.

- Beskryf ’n tydperk toe jy geduldig moes wees om iets te kry wat jy werklik graag wou hê.
- *Volharding* beteken jy moet aanhou om hard te werk al voel jy moedeloos. Wat wil jy graag hê moet ander mense vir jou sê of doen as jy baie moedeloos voel?
- Is daar mense of omstandighede wat druk op jou plaas om skool vroeg te verlaat? Wat sal met jou gebeur as jy aan hierdie druk toegee?
- Ken jy enigeen wat skool vroeg verlaat het en ook goed gedoen het? En enigeen wat nie goed gedoen het nie?

**Bespreking:** Aan die einde van Sessie 3 het jy die leerder-aanbieders gevra om navorsing te doen oor die verskillende vorms van mensehandel. Laat hulle terugvoering gee. Die belangrikste vorms is sekshandel, werkshandel en orgaanhandel.

# Sessie 5: Jy is gebore om te vlieg.
# Moenie met minder tevrede wees nie.

**Voorrade en materiaallys:** Woordlose boekies, leiersgids, onderwyser se skoenlapperwyser, onderwyser se voorbeeld van "skoenlappervlerke" vir aktiwiteit, 2 groot posterpapiere, rek (60 cm per student), 'n krammasjientjie, skêr, gom, vere of enige versiering vir die vlerke, prente wat uit tydskrifte uitgeknip is, kryt, kleurpotlode of glimpenne, konsepposters vir Sessies 1-5.

**Vir sessie vir leerder-aanbieders:** Al die bogenoemde voorrade, asook joernale en penne of potlode.

**Voorbereiding vir die klas:** Skryf bo-aan een van die groot posterpapiere: "Ek is gebore om te vlieg!" Met die ander een maak jy ŉ voorbeeld van die vlerke van ŉ skoenlapper. Pas die patroon vir die skoenlappervlerk op skaal aan vir die posterpapier (55.88 cm x 71.12 cm) en maak ŉ patroon wat die studente voor die aanvang van die klas kan gebruik om vlerke te knip. Jou leerder-aanbieders kan jou daarmee help. Vir elke paar vlerke, vou die A2-papier in die helfte en teken die vlerke. Knip dit uit. Knip 2 lengtes van die rek (30 cm elk). Kram elke stuk rek naby die bokant en onderkant aan die binnekant van elke skoenlappervlerk om "mousgate" te vorm. Versier die vlerke met versierings wat vasgegom word of skryf op die vlerke met glimpenne, kleurpotlode of kryt. Trek die vlerke aan deur jou arms deur die mousgate van rek te steek.

**Hersiening Sessie 4:**
Studente sit in ŉ sirkel in banke, stoele of sommer op die vloer. Gebruik ŉ paar minute om die konsepposters van die vorige sessies te hersien. Hersiening: Wat beteken dit om geduldig te wees? Hoekom is jou drome die moeite werd om voor te wag en hard voor te werk? Die vorige sessie het geëindig waar Bloeiseltjie haar opleiding voltooi het, en haar nuwe reis begin het om die maanligboom te vind, en ook van die saad terug te bring om vir Max en haar hele gemeenskap te help. Hierdie keer het sy ŉ kaart, ŉ plan, Papi se seën, en haar vlerke om haar te help om haar droom te bewaarheid.

**Sessie 5 begin:** Hierdie week hoor ons wat gebeur het toe Bloeiseltjie aan die slaap geraak het tydens haar reis na die maanligboom.

***Bladsy 69:*** *Skielik word Bloeiseltjie wakker van die geluid van die Droomdiewe wat die heuwels uitklim. Daar is nêrens ŉ plek waar sy vir hulle kan wegkruip nie. Met nêrens om heen te gaan nie, haal sy diep asem, en spring van die rots af.*

- Hoekom hou een van die Droomdiewe sy oë toe? (Hy is bang vir Bloeiseltjie.)
- Hoekom sou ŉ Droomdief vir Bloeiseltjie bang wees?

***Bladsye 70-71:*** *Bloeiseltjie val en val totdat sy skielik haar vlerke kon klap, en besef dat sy kan vlieg. Sy vlieg op na die rots waar die Droomdiewe is. Hulle is so geskok om haar te sien en dat sy kan vlieg dat sy hulle van die rots kan afstamp. Uiteindelik is daar niemand meer behalwe Bloeiseltjie op die rots nie. In die verte kan sy die maanligboom sien. Sy klap haar vlerke, en vlieg oor die kloof, en uiteindelik, terwyl die volmaan skyn, kom sy by die maanligboom aan.*

- Wat gebeur toe die Droomdiewe Bloeiseltjie gedwing het om van die rots af te spring?
- Hoekom lyk sy bang om oor die skeur te spring?

***Bladsye 72-73:*** *Bloeiseltjie proe haar eerste maanligvrug. Sy eet en eet, en bêre die saad in haar kombers. Dan vlieg sy terug na Kriek en Paddavis. Sy deel die maanligboomsaad met hulle. Daarna vlieg sy huis toe, en laat val saad sover soos sy vlieg.*

- Onderste prente, bladsy 72: Wat is Bloeiseltjie besig om te doen en hoekom? ( Sy eet die vrugte, en spoeg die pitte uit sodat sy dit kan saamneem na haar familie en vriende.)
- Onderste prente, p. 73: Wat is Bloeiseltjie besig om te doen en hoekom? (Sy deel die saad, en laat oral saad val sodat maanligbome daar kan groei.)
- Hoe bewys Bloeiseltjie dat sy ŉ ware vriend vir Kriek en Paddavis is? (Sy gee vir hulle ook van die saad.)

**Aktiwiteit: Skoenlappervlerke**
Laat die kinders toe om op te staan en rond te beweeg om hulle materiaal te kry. Wys die kinders die vlerke wat jy gemaak het, en help hulle om hulle eie te maak. (Sien instruksies in "Voor die aanvang van die klas" hierbo.) Jonger kinders sal dalk hulp van die leerder-aanbieders nodig hê om hulle vlerke op die posterpapier te teken, en uit te knip. Vir die heel jongste ouderdomsgroep: teken die vlerke voor die tyd en knip dit uit. Laat die kinders egter gedurende die aktiwiteitstyd die vlerke inkleur en versier. Studente kan vere of prente wat hulle uit tydskrifte geknip het daarop plak. Hulle kan ook prente op die vlerke teken. Hulle kan ook op hulle vlerke die antwoord op die volgende vraag skryf: *Wat is my droom om in my lewe te word of te doen?* Kinders kan jou ook help om die rek te meet wanneer jy dit moet knip en aan die vlerke vaskram. Laat die studente vertel wat hulle op hulle vlerke geskryf of geplak het. Laat hulle die vlerke nou of aan die einde van die sessie aantrek. Maak seker om die volgende gedurende die aktiwiteit oor te dra:

- Watter betekenis het Bloeiseltjie se vlerke gehad? (Sy is gebore om te vlieg.)

**Hersiening:** Bloeiseltjie het nooit haar droom laat vaar nie, al moes sy heelwat moeilike lesse leer, en wag vir die regte tyd om iets daaromtrent te doen. Nou het sy ŉ baie spesiale les geleer: haar vlerke beteken dat sy gebore is om te vlieg.

- Wat het jy gedink beteken die titel *Vlieg-Vlinder-Vlieg* voor jy die boek gelees het?
- Is jy op enige manier nes Bloeiseltjie?

***Bladsy 74-75:*** *Toe Bloeiseltjie terugkeer huis toe hardloop Papi en die ander ruspers haar tegemoet om te groet. Sy gee vir almal maanligboomsade wat hulle dadelik gaan plant. Die saad begin groei, en gou het daar maanligbome oor die hele land opgekom.*

- Hoe verskil Bloeiseltjie se tweede terugkeer na Takkiesvallei van die eerste keer?
- Wat moes die dorpsbewoners doen om seker te maak dat die saad groei?

***Bladsye 76-77:*** *Daar was nou weer flesse vol maanligboomvrugte in elke huis, en Bloeiseltjie het maanligbredie vir haar familie gemaak. Op ŉ dag het haar ou vriende, Kriek en Paddavis, wat nou Padda is, vir haar kom kuier. Kriek se stem is nou so mooi dat sy in ŉ konsert sing. Agterna het die ruspers ŉ partytjie gehou, en elkeen kon soveel maanligbredie eet soos hulle wil.*

- Watter drome kan jy opnoem wat waar geword het? (Padda kon spring, Kriek kon sing, Max is weer gesond, ens.)
- Hoe dink jy voel die inwoners van die dorp toe hulle uiteindelik weer maanligbredie kon eet?

***Bladsy 78:*** *Elke jong rusper het wat Bloeiseltjie op die agterkant van Papi se rol geskryf het bestudeer sodat hulle die belangrike lesse wat sy op haar avontuur geleer het, kon verstaan. Baie gou is die vallei gevul met kokonne, skoenlappers en natuurlik maanligbome.*

- Noem die verskillende goed wat op hierdie bladsy gebeur. Wat sien jy in die bome? (Gebruik die skoenlapperwyser om na die lewensiklus van die skoenlapper te wys.)
- Wat het met Max en Papi gebeur?
- Hoekom is daar nou meer skoenlappers in die dorpie?
- Wat leer die onderwyser die jong ruspers?

**Hersiening: Wat of wie kan tussen jou en jou drome staan?** In die vorige lesse het die studente die Droomdiewe geïdentifiseer. Laat die studente dit weer opnoem. Hulle eie ongeduld en gebrek aan geloof in hulle eie waarde as persone kan ook hulle drome steel. Herinner hulle daaraan dat hulle hul eie vlerke het om hulle na hulle drome te dra. Dit neem egter tyd vir daardie vlerke om te ontwikkel en sterk te word.

**Wie kan jou help om goeie keuses te maak om jou drome te behou?** Die studente het vroeër mense geïdentifiseer wat hulle onvoorwaardelik liefhet en wie hulle ware vriende is. Ware vriende is werklik lief vir hulle, en sal die beste vir hulle wil hê. Hulle sal hulle ook help om hulle drome te behou.

- Wanneer sal dit die regte tyd vir jou wees om jou "vlerke te sprei" om jou drome te bewaarheid?
- Wie sal jou gelukwens as jy hierdie drome bewaarheid?

**Verband met mensehandel:** Herinner die studente daaraan dat Vlieg-Vlinder-Vlieg ŉ allegorie is met spesiale lesse oor hoe om veilig en suksesvol te wees wanneer jy jou drome uitleef.

- Jy kan veilig wees terwyl jy jou drome navolg. Om veilig te wees beteken nie om niks te doen nie. Dit beteken slegs dat jy alles wat jy van Bloeiseltjie se storie geleer het moet onthou.
- Dit sal bydra daartoe dat jy beveilig sal wees teen mensehandel indien jy altyd ŉ veilige volwassene het met wie jy jou vrese kan bespreek, of na wie toe jy kan gaan as jy probleme in jou lewe het. Wie is daardie veilige volwassene vir jou?
- Maak ŉ lys van wat jy moet onthou sodat jy kan "vlieg". (Keuses het gevolge, ens.)

**Aktiwiteit:** Wys die studente die poster waarop jy "Ek is gebore om te vlieg!" geskryf het. Laat studente hulle name op die poster skryf, en laat hulle ook ŉ skoenlapper teken indien die tyd dit toelaat. Help hulle om hulle vlerke aan te trek. Indien moontlik, neem ŉ groepfoto, waarvan jy kopieë kan maak sodat jy aan die einde van Sessie 6 vir elkeen ŉ foto kan gee. Indien dit nie moontlik is om vir elkeen ŉ kopie van die foto te laat maak nie, stal een foto aan die einde van sessie 6 uit.

**Aktiwiteit:** Herinner die studente aan Bloeiseltjie se droom. Laat die studente hulle eie drome op ŉ papier neerskryf, en ook illustreer soos hulle wil. Kinders wat hulle drome met die klas wil deel, kan dit ook doen. Herinner elkeen om met respek en bemoediging te luister as ander hulle drome deel. Hulle kan ook hulle papiere teken en dateer, en dan self dit hou sodat hulle aan hulle eie drome herinner kan word.

**Bylae tot Sessie 5 vir leerder-aanbieders**
**"Bou jou Droomspan"**
*Gebruik 'n ekstra 30 minute om hierdie ekstra inligting oor te dra.*

Elke leerder-aanbieder behoort 'n joernaal met inskrywings van die vorige sessies te hê. Gee geleentheid aan die studente om vrae te vra, en hanteer dit dan soos in die vorige sessies.

In sessie 5 leer Bloeiseltjie dat om vlerke te hê beteken dat sy gebore is om te vlieg. Sy leer ook dat haar vlerke dit vir haar moontlik maak om die Droomdiewe te verslaan sowel as om die maanligboom te bereik, en saad na Takkiesvallei terug te bring.

Bloeiseltjie keer vrolik terug huis toe, en die saad wat sy saambring, bring ook goeie veranderinge vir diegene vir wie sy liefhet. Dit het die verskil vir Bloeiseltjie gemaak om vir die regte tyd te wag, en ook om die regte ondersteuning te hê, en voor te berei voor sy probeer het om haar doel na te streef. Bespreek:

- Bloeiseltjie moes van die Droomdiewe ontsnap. Wat sal jy doen as jy verhandel of weggeneem word? Hoe sal jy ontsnap? (Veg, moenie hoop opgee nie, vind 'n uitweg, neem 'n persoon, soos 'n betroubare volwassene, in jou vertroue. Enige ander idees?)
- Wat is 'n "Droomspan"? (Vriende en familielede wat jou ondersteun, en kan help sodat jy jou droom kan nastreef en jy jou vlerke ook kan sprei om te kan vlieg.)
- Wie is Bloeiseltjie se "droomspan"? (Hersien die karakters op bladsye 76-78 wat Bloeiseltjie se drome ondersteun het.)

Vra die leerder-aanbieders om die titel "My Droomspan" in hulle joernale neer te skryf. Net soos Bloeiseltjie 'n hele span nodig gehad het om haar van raad te bedien, te leer en te ondersteun, het die leerder-aanbieders dit ook nodig. Laat hulle 'n lys maak van die mense wat deel van hulle Droomspan kan word. Dit moet mense wees wat vir hulle omgee, hulle ondersteun en kan bemoedig. Dit kan 'n onderwyser, 'n geestelike leier, 'n sokker-afrigter, familielede, 'n berader of 'n raadgewer wees. Hulle kan ook op die lys 'n spesiale persoon benoem wat gekontak kan word indien iets slegs met hulle gebeur, of as iemand hulle probeer verhandel.

**Joernaalvrae vir Sessie 5**
Gebruik dieselfde formaat as vir die vorige sessies. Bespreek waarvoor jy nou tyd het, en vra die leerder-aanbieders om die res tuis te voltooi:

- Watter dinge kan jy in plek stel om te verseker dat jy veilig is ten opsigte van mensehandel?
- Wie of wat staan tussen jou en die verwesenliking van die drome wat jy vir jou toekoms koester? Wat kan jy doen om hierdie mense of struikelblokke te hanteer?
- Nou dat jy hierdie boek gelees het, hoe sal jy ander kinders vertel dat hulle vry is om hulle drome na te volg, en terselfdertyd ook veilig teen mensehandel kan wees?

**Bespreking:** Vra die leerder-aanbieders om verskillende maniere waarop kinderhandel beveg kan word op te noem. Kategoriseer dit onder die volgende drie hoofde: voorkoming (bewustheidsopleiding), beveiliging (redding, nasorg), en vervolging (verandering van wette, arrestasies, en vervolging van mensehandelaars en kopers).

# Sessie 6: Hersiening en Toewyding

**Voorrade en materiaallys:** Woordlose boekies, leiersgids, groepfoto wat in vorige sessie geneem is (of een in ŉ raam wat elkeen kan sien of verkieslik ŉ kopie vir elke student), hersien speletjie-blaaie, merkers vir speletjie (knope, klein sirkels/vierkante van papier of materiaal), genoeg versuikerde lekkers ("candy"), ten minste twee per student, penne of potlode, posters oor mensehandel-inligting (handgeskrewe of gedruk), konsepposters vir al die sessies, toewydingsertifikate en Vlieg-Vlinder-Vlieg-armbandjies.

**Vir leerder-aanbiederssessie:** Bogenoemde voorrade, asook joernale, penne of potlode en leerder-aanbieders-serpe of –spelde.

**Nota vir onderwyser:** Pas hierdie les aan sodat dit gepas is vir jou kultuur, gemeenskap se standaarde en die ouderdoms- en ervaringstandaard van jou studente veral wat die inligting omtrent mensehandel betref. Praat baie meer direk met tieners as met jonger kinders. Jou doel is nie om hulle bang te maak nie, maar hulle toe te rus om "ja" te sê vir hulle drome, en "nee" vir mensehandelaars (en hulle maats, ens.) wat mag druk uitoefen op hulle om hulle van hulle drome te laat afsien. Jy kan die gemeenskap nooi om die toewydingsdeel van die geleentheid by te woon. Maak dit ŉ spesiale geleentheid, sit verversings, ens. voor, sodat die studente hulle vlerke en ander kunswerke van vorige sessies, hulle armbande en hulle toewydingsertifikate ten toon kan stel. Dit sal baie voordelig wees indien hierdie projek deel van ŉ gemeenskapsprojek kan wees.

**Toewydingsarmbande/-bandjies:** Indien dit aanvaarbaar is in jou kultuur, sal ons aanbeveel dat die studente silikon-bewustheidsarmbande (dieselfde as die Livestrong-armbande) in ŉ ligte seegroenkleur (aqua), die Vlieg-Vlinder-Vliegkleur, kry. Google "awareness bracelets" om inligting te kry. Laat druk op die bandjies "Vlieg-Vlinder-Vlieg" en die antimensehandel-organisasie se noodnommer: 0800222777

**Hersieningspeletjie:** Studente sit in ŉ kring (in hulle banke, op stoele, of op die vloer). Herinner hulle daaraan dat Vlieg-Vlinder-Vlieg ŉ allegorie is - 'n storie oor ŉ dier of nie-menslike figuur wat lesse vir ons inhou. Vlieg-Vlinder-Vlieg leer ons hoe om ons drome op ŉ veilige manier na te streef. Ons kan van wat met Bloeiseltjie gebeur het, leer en nie dieselfde foute as sy maak nie. Vandag sal die studente ŉ speletjie speel om die Vlieg-Vlinder-Vlieg se woordlose boekie te hersien. Elke student sal ŉ hersieningspeletjiekaart en ŉ handvol knope of enige tipe merkers kry. Die speletjie word soos Bingo gespeel:

- Die leier lees die leidraad, die studente soek die antwoord op hulle hersieningskaart. As hulle die regte prente vind, dan plaas hulle die merker of knope op elkeen.
- Die doel van die speletjie is om al die vierkante met ŉ merker toe te maak, en dan ŉ prys te kry.
- Terwyl hulle besig is om die vierkante te bedek, kan enige student wat 2 rye in enige rigting (diagonaal, vertikaal, of horisontaal) voltooi het, uitroep "Vlinder!" en dan ŉ prys (ŉ lekker) ontvang. Die studente sal almal 2 rye of 2 kolomme voltooi, en dus ook ŉ prys ontvang, maar nie almal terselfdertyd nie. Daar sal ŉ verskil in tye wees, want studente kan kies tussen twee prente van "ware vriende" en tussen 4 van "droomdiewe".

- Wys ŉ voorbeeld van so speletjieskaart wat reeds ingevul is om te wys hoe lyk 2 diagonale rye, 2 voltooide rye, kolomme, ens. Dit sal spesifiek belangrik wees vir die jonger studente.

**Hersien die reëls van die hersieningspeletjie:** Nadat jy elke leidraad gelees het, vra die vrae, en help die studente met die antwoorde, asook die voltooiing van hulle kaarte, soos dit nodig mag wees om die hersiening te voltooi. Jonger studente mag meer hulp nodig hê om die prente wat by die antwoorde pas, te vind. Vir ouer studente hersien jy die storielyn spesifiek, gee meer aandag aan die ooreenkoms tussen die handeling tussen Bloeiseltjie en die Droomdiewe, en hoe mensehandelaars die studente sou behandel indien hulle die geleentheid sal kry.

# Vlieg-Vlinder-Vlieg-hersieningspeletjie



## Leidrade vir die Vlieg-Vlinder-Vlieg-hersieningspeletjie

***Leidraad #1 Lees aan student voor:*** Plaas ŉ merker op 'n vierkant wat wys dat Bloeiseltjie op haar geheime rol geteken het om haarself te herinner dat sy kosbaar en werd om liefgehê te word, is.
***Vierkant #13:*** Juweel in die middel (Elke student is uniek, kosbaar, en werd om liefgehê te word, dus is dit 'n beskikbare spasie.)
***Hersieningsvrae om vir die studente te vra:*** Hoekom is jy kosbaar? Wat maak jou kosbaar?

***Leidraad #2:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aantoon watter soort wesentjie Bloeiseltjie aan die begin van die boek is.
***Vierkant #10:*** Bloeiseltjie is ŉ rusper.
***Hersieningsvrae:*** Waar woon sy? (Takkiesvallei) Hoekom bedek Donkerwolk Takkiesvallei?

***Leidraad #3:*** Plaas ŉ merker op 2 vierkante wat aantoon met wie Bloeiseltjie saamgewoon het. (Vra die studente om 2 vierkante vir hierdie leidraad te dek.)
***Vierkant #4 en 17:*** Max en Papi
***Hersieningsvrae:*** Hoe is sy aan hulle verbind? (oupa en broer) Wat eet hulle elke dag? Wat het met Max gebeur omdat hy elke dag slegs stokkiesop geëet het? (Hy het siek geword.)

***Leidraad #4:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat wys wie vir Bloeiseltjie elke nag in haar drome help as sy na Heuwelrant gaan.
***Vierkant #8:*** Silwerwind
***Hersieningsvrae:*** Waar het Silwerwind in die storie ingekom om vir Bloeiseltjie te help?

***Leidraad #5:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat wys waarheen Bloeiseltjie elke dag gaan.
***Vierkant #5:*** Skool toe
***Hersieningsvrae:*** Het sy daarvan gehou om soontoe te gaan? Wat het dit vir Bloeiseltjie se toekoms beteken dat sy skool voltooi?

***Leidraad #6:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aandui waarnatoe Bloeiseltjie in haar drome gaan. Dit is haar lewensdroom om dit te vind, en dit sal al die mense in Takkiesvallei help.
***Vierkant #14:*** Maanligboom
***Hersieningvrae:*** Wat groei aan die boom, en hoe kan dit Bloeiseltjie se gemeenskap help? Het Bloeiseltjie ŉ goeie of ŉ slegte droom gehad?

***Leidraad #7:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat een van die gevaarlike wesens aandui waarteen Papi Bloeiseltjie gewaarsku het. (Daar is meer as een vierkant wat hierdie wesens aandui, maar kies net een.)
***Vierkant# 2, 9, 15, of 23:*** Droomdiewe (Die studente kan **enigeen** van die vierkante kies.)
***Hersieningsvrae:*** Wat is ŉ Droomdief? Wat doen Droomdiewe? Onthou: Droomdiewe lyk nie almal dieselfde nie. Hulle kan soos enige persoon lyk.

***Leidraad #8:*** Plaas ŉ merker op een vierkant wat wys wie Bloeiseltjie se ware vriende is. (Daar is meer as een vierkant, maar kies net een.)
***Vierkant #7 of 20:*** Ware vriende (Studente kan enigeen van hierdie vierkante kies.)

***Hersieningsvrae:*** Wat maak hulle ware vriende van Bloeiseltjie? Onthou: Ons kan ware vriende uitken aan die manier waarop hulle vir ons lief is, en dat hulle ons altyd die waarheid vertel en ons ondersteun.

***Leidraad #9:*** Plaas ŉ merker op nog 2 vierkante wat die wesens aantoon wat Bloeiseltjie probeer ompraat om ŉ stuk van haar kombers vir waardelose goed te verruil.
***Vierkant 2, 9, 15, of 23****:* Droomdief (Die studente kan enige 2 van hierdie wat hulle nog nie merkers op geplaas het nie, kies.)
***Hersiening:*** Wat het die Droomdiewe aan Bloeiseltjie gedoen? (haar bedrieg, haar kombers en rol gesteel en haar weggesleep)

***Leidraad #10:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat wys waarheen die Droomdiewe vir Bloeiseltjie neem.
***Vierkant #25:*** Bloeiseltjie is ontvoer/verhandel.
***Hersieningsvrae:*** Hoe het Bloeiseltjie gevoel toe sy besef wat met haar gebeur? Kon sy haar weg terug vind? Bloeiseltjie is nie vir slawerny verhandel nie, maar wel ontvoer deur die Droomdiewe. Hulle het probeer om Bloeiseltjie te oortuig om vir hulle te werk, en haar kombers, haar huis en haar droom op te offer. Wat kon met haar gebeur het indien sy nie ontsnap het nie?

***Leidraad #11:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aantoon wat Bloeiseltjie ontdek toe die Droomdiewe haar gevange gehou het.
***Vierkant #3:*** Katoeterboom
***Hersieningsvrae:*** Wat is aan die boom? Is dit waardevolle goed? Wat doen die Droomdiewe met die goed? Hoekom het Bloeiseltjie in die boom geklim?

***Leidraad #12:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aantoon wat met Bloeiseltjie gebeur het terwyl sy op ŉ tak van die Droomdiewe se boom gerus het.
***Vierkant #11:*** Kokon
***Hersieningsvrae:*** Hoe het die kokon gevorm? (Takke wat haar seergemaak het, is om haar gedraai; sy besef hoe verkeerd sy was deur nie na Papi te luister nie; sy het berou dat sy die huis verlaat het; sy is gevange in die kokon, en is besig om daar binne te verander.) Wie is die hele tyd saam met haar? (Silwerwind, wat haar kombers vir haar bring) Hoe en wanneer het Bloeiseltjie uit die takke gekom? Hoe het sy van die Droomdiewe ontsnap?

***Leidraad #13:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aantoon wat anders is omtrent Bloeiseltjie nadat sy ontsnap het en teruggekeer het huis toe.
***Vierkant #18:*** Bloeiseltjie het vlerke.
***Hersieningsvrae:*** Hoe het Bloeiseltjie verander? (Sy is nou ŉ skoenlapper met vlerke, alhoewel sy nog nie weet waarvoor die vlerke daar is nie.) Is sy bly oor haar vlerke? Watter besluit moes sy nou maak? (Moes sy terug gaan Takkiesvallei toe of nie?) Wat het sy besluit? Wat het met haar op pad huis toe gebeur?

***Leidraad #14:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aantoon hoe Papi reageer toe hy die verandering by Bloeiseltjie sien.
***Vierkant #24:*** Onvoorwaardelike liefde
***Hersieningsvrae:*** Hoekom is almal verbaas oor haar vlerke?

***Leidraad #15:*** Plaas ’n merker op ’n vierkant wat aantoon wat Bloeiseltjie geteken het om vir Papi te vertel wat sy geleer het.
***Vierkant #1:*** Geheime rol
***Hersieningsvrae:*** Bloeiseltjie het nie Papi se rol meer nie. (Die Droomdiewe het dit geneem.) Waarop het sy nou die tekeninge gemaak om te wys wat sy geleer het? Wat is die lesse op daardie "geheime rol"?

- Tekening van ’n uitgedroogde stok ("Keuses het gevolge.")
- Kriek en Paddavis ("Ken jou ware vriende.")
- Bloeiseltjie en ’n juweel ("Jy is uniek, kosbaar, en werd om liefgehê te word.")
- Kokon ("Wees geduldig, werk hard, en wag vir die regte tyd.")
- Skoenlapper ("Vlerke het ’n spesiale betekenis; Wat is dit?")

Aangesien Bloeiseltjie sekere van hierdie lesse so goed geleer het, wat het met Donkerwolk gebeur? (Dit het begin opbreek, en die son het weer oor Takkiesvallei geskyn.)

***Leidraad #16:*** Plaas ’n merker op ’n vierkant wat aantoon wat Bloeiseltjie van haar droom van elke nag dink.
***Vierkant #22:*** Bloeiseltjie het aangehou droom.
***Hersieningsvrae:*** Wou Papi gehad het dat Bloeiseltjie moet afstand doen van haar drome? Papi is nie ’n Droomdief nie; hy is ’n ware vriend, want hy wil haar help om seker te maak dat haar droom bewaarheid word. Hy wou hê dat sy hard moet werk, en haarself voorberei om op die regte tyd weg te gaan.

***Leidraad #17:*** Plaas ’n merker op ’n vierkant wat aantoon wat Papi wil hê Bloeiseltjie moet doen voor sy weer kan probeer om die maanligboom te vind.
***Vierkant #16:*** Voltooi skoolloopbaan
***Hersieningsvrae:*** Hoe het Bloeiseltjie reageer? (Sy het hard gewerk om haar doel te bereik. Hierdie keer het sy Takkiesvallei met Papi se seën verlaat, met ’n kaart, ’n lantern en waardevolle lesse om haar te help op haar reis na Heuwelrant en die maanligboom.)

***Leidraad #18:*** Plaas ’n merker op een vierkant wat Bloeiseltjie se ware vriend aantoon.
***Vierkant #7 of 20:*** Ware vriende (Plaas merker op enige vierkant wat nog nie toegemaak is nie.)
***Hersieningsvrae:*** Hoe het hierdie vriende hierdie keer vir Bloeiseltjie gehelp? (Hulle het haar probeer waarsku dat die Droomdiewe besig is om nader te kom, maar sy het aan die slaap geraak.)

***Leidraad #19:*** Plaas ’n merker op ’n vierkant wat aantoon wie nie wou gehad het dat Bloeiseltjie by Heuwelrant moes uitkom nie.
***Vierkant #2, 9, 15, of 23:*** Droomdief (Bedek enige Droomdiefprent wat nie ’n merker op het nie.)
***Hersieningsvrae:*** Wat het Bloeiseltjie omtrent haarself agtergekom toe sy op die rots kom? (Haar vlerke beteken dat sy gebore is om te vlieg.) Hoe het haar vermoë om te vlieg haar in staat gestel om die Droomdiewe te verslaan?

***Leidraad #20:*** Plaas ’n merker op ’n vierkant wat aantoon hoe die maanligboom gelyk het toe Bloeiseltjie dit uiteindelik gevind het.
***Vierkant 6:*** Volmaan en maanligboom
***Hersieningsvrae:*** Hoe het Bloeiseltjie die maanligboom bereik? (Sy het haar vlerke gebruik om soontoe te vlieg.) Wat het sy gedoen toe sy die boom bereik het?

***Leidraad #21:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aantoon wat Bloeiseltjie met die maanligboomsade gedoen het toe sy teruggevlieg het na Takkiesvallei.
***Vierkant #12:*** *Bloeiseltjie het maanligboomsade geplant.*
***Hersiening:*** Wat het sy met die sade gedoen toe sy tuisgekom het? Hoe sou dit haar dorpie gehelp het?

***Leidraad #22:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat aantoon wat Bloeiseltjie met sommige van die maanligvrugte gedoen het.
***Vierkant #19:*** Sy het geen stokkiesop meer geëet nie.
***Hersieningsvrae:*** Watter veranderinge het by Bloeiseltjie en Max gebeur toe hulle die maanligvrugte geëet het? (Geen stokkiesop vir ete beteken dat Max gesond geword het.) Watter veranderinge het in Takkiesvallei plaasgevind toe maanligbome geplant is, en dit vrugte gedra het wat hulle kon oes?

***Leidraad #23:*** Plaas ŉ merker op ŉ vierkant wat wys watter veranderinge plaasgevind het, en watter drome is bewaarheid vir Bloeiseltjie se ware vriende.
***Vierkant #21:*** Haar ware vriende het almal volwasse geword.
***Hersieningsvrae:*** Hoe dink jy sal jou lewe wees as jy volwasse is, en sommige van jou drome is nie bewaarheid nie?

**Hersiening van die verband met mensehandel:** Die besluit berus by die leier. Die eerste drie posters oor inligting omtrent mensehandel is meer geskik vir jonger studente. Die ander posters is meer duidelik, maar bevat inligting wat die ouer studente sal help om pogings vir mensehandel te identifiseer en te weerstaan. Laat 10-15 minute toe om die inligting te hersien.

**Vir leerder-aanbieders is die fokus op Sessie 6: "Neem standpunt in."** Laat hulle in hulle joernale dele van die posters met die inligting oor mensehandel neerskryf wat jy dink hulle sal help om (1) persoonlik mensehandel te weerstaan, en (2) jonger studente te help om die beginsels van Vlieg-Vlinder-Vlieg in toekomstige studiegroepe te verstaan.

**Toewyding:** Onderneem om ŉ seremonie te reël vir die studente wat hulle Vlieg-Vlinder-Vlieg-kursus voltooi het. Dit is ook ŉ geleentheid om die projek aan die gemeenskap bekend te stel. Nooi familielede van die studente, onderwysers, verteenwoordigers van die Departement van Onderwys en gemeenskapsleiers om die belangrikheid van die studente se sukses saam met hulle te kom vier. Stel hulle kunswerke en posters ten toon, en laat die studente hulle vlerke wat hulle in Sessie 5 gemaak het, dra.

Verduidelik aan die studente:

1. wat dit beteken om ŉ belofte of ŉ eed af te lê (toewyding);
2. Dit sal hulle onderneming wees om die 5 lesse wat Bloeiseltjie in Vlieg-Vlinder-Vlieg geleer het, te onthou. Lees die woorde op die sertifikaat aan hulle voor.
3. Hulle belofte en toewyding beteken dat hulle "nee" sê aan mensehandelaars en "ja" vir hulle drome, doel en eindbestemming.

Leiers moet voor die tyd ŉ Sertifikaat van Toewyding onderteken. Gedurende die seremonie sal jy dalk jonger kinders moet help om hulle Sertifikate van Toewyding te onderteken. Oorhandig blou Toewydings-armbande aan elkeen. Indien daar van die leerder-aanbieders is wat reeds blou

armbande ontvang het, kan hulle aan die gehoor vertel wat dit vir hulle beteken het om die armbande te dra, en die belofte en Toewydingseed af te lê. Hulle kan help om die sertifikate en armbande te oorhandig.

Jy kan ook blou armbande toeken aan leerder-aanbieders wat dit nog nie ontvang het nie. Jy kan ŉ tweede afsonderlike erkenning aan nuwe leerder-aanbieders gee. Oorhandig aan hulle die serp of speld wat aantoon dat hulle aanbieders is, en as assistente vir die leierskap in toekomstige Vlieg-Vlinder-Vlieg-studiegroepe sal diens doen.

**Bespreking:** Lei die leerder-aanbieders in ŉ bespreking oor die verskillende metodes waarop hulle kan voortgaan om mensehandel in hulle dorp of stad te bekamp nadat hulle nou hulle Vlieg-Vlinder-Vliegprogram voltooi het. Verwys na die metodes aan die einde van Sessie 5. Vra die leerder-aanbieders of hulle wil voortgaan om gereeld bymekaar te kom om mekaar te ondersteun in hierdie geveg. Indien jou dorp of stad nie ŉ antimensehandel-taakmag het nie kan hierdie groep die begin van so ŉ taakmag wees. Bespreek ook met die leerder-aanbieders verskillende metodes wat hulle kan gebruik om ander so te motiveer om ook deel te word van

# *SERTIFIKAAT VIR TOEWYDING*

Ek sal my Vlieg-Vlinder-Vliegarmband dra om my te herinner...


- om goeie keuses te maak, want keuses het altyd gevolge.
- om te luister na die wyse woorde en welwillende motivering van ware vriende.
- om te glo dat ek uniek, kosbaar, en waardig om liefgehê te word, is.
- om geduldig te wees, en hard te werk om my drome te bewaarheid.
- dat ek gebore is om te vlieg, en met niks minder tevrede sal wees nie.
- om **"**nee" vir mensehandel, en "ja" vir my drome, doel, en bestemming te sê.

Student: ______________________________

Leier: ______________________________

Datum: ______________________________

**Bloeiseltjie se rol (aktiwiteit vir Sessie 4)**



# Evalueringsvorm vir aanbieders

Baie dankie dat jy die Vlieg-Vlinder-Vliegprogram om kinderhandel stop te sit, onderrig het. Ons is dankbaar vir jou tyd en deskundigheid. Jy het baie lewens verander! Jou terugvoering en kommentaar sal ons help om die onderrigmateriaal te evalueer, en dit vir die toekoms te verbeter. Vul asseblief hierdie evalueringsvorm in, en stuur dit aan info@born2fly.org.

1 Waar het jy die Vlieg-Vlinder-Vliegprogram aangebied? (dorp/stad en land)

______________________________________________________________________

2 In watter omgewing (skool, gemeenskapsentrum, kerk, ens.) is dit aangebied?

______________________________________________________________________

3 Op watter datums?

______________________________________________________________________

4 Hoeveel studente het dit by benadering bygewoon?

______________________________________________________________________

5 Wat is die benaderde ouderdomme van die studente?

______________________________________________________________________

6 In watter taal het jy dit aangebied?

______________________________________________________________________

7 Het jy 'n geskrewe vertaling van die kurrikulum in jou taal gemaak?

____ ja; Watter taal? ____________________

____ nee

____ Die kurrikulum is reeds in jou taal beskikbaar.

8 Het jy die formaat van ses sessies soos in die kurrikulum gevolg?

____ ja

____ nee; Ons moes dit aanpas volgens die tyd tot ons beskikking.

Indien nee, hoeveel tyd was tot jou beskikking, en hoe het jy dit aangepas?

______________________________________________________________________

____________________________________________________________

9 Het jy die metode van aanbieders wat eers die program aanleer, en dit dan aan jonger kinders aanbied, gevolg?

____ ja

____ nee

____ Indien ja, hoeveel leerder-aanbieders het jy gehad?

10 Beskryf hoe die studente (en die leerder-aanbieders) op die program reageer het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

11 Beskryf die reaksie van die aanbieders.

__________________________________________________________________
__________________________________________________________________
__________________________________________________________________

12 Wanneer jy aan die jonger kinders in jou klas dink, hoe bewus was hulle van die 5 goed wat Bloeiseltjie geleer het (Keuses het gevolg, ens.) ***voor*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?

____ nie almal was bewus daarvan nie
____ hulle was hier en daar bewus daarvan
____ baie bewus

13 Hoe bewus was hulle ***na*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?

____ geensins bewus nie
____ hulle was taamlik bewus
____ baie bewus

14 Wanneer jy aan die jonger kinders in jou klas dink toe jy openlik kinderhandel met hulle bespreek het, hoe bewus was hulle ***voor*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?

____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

15 Hoe bewus was hulle ***na*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?

____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

16 Dink aan die leerder-aanbieders en tieners in jou klas, hoe bewus was hulle van mensehandel ***voor*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?

____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

17 Hoe bewus was hulle ***na*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?

____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

18 Hoe baie dink jy, as ŉ aanbieder, sal die Vlieg-Vlinder-Vliegprogram jou studente in die toekoms help om te voorkom dat hulle verhandel word?

____ sal hulle niks help nie
____ sal hulle ŉ bietjie help
____ sal hulle baie help

19 Dink aan jouself en die ander aanbieders wat Vlieg-Vlinder-Vlieg saam met jou aangebied het. Hoe bewus was hulle van kinderhandel ***voor*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?

____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan

____ baie bewus daarvan

20 Hoe bewus was jy en die ander aanbieders ***na*** Vlieg-Vlinder-Vlieg?
____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

21 Deel enige storie van die studente en/of die aanbieders wat getref is deur die onderrig van die program.
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

22 Het jy enige idees of aktiwiteite wat ons met ander aanbieders kan deel?
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

Jou naam ______________________________________________
Jou titel _______________________________________________
Jou e-posadres______________________________________________

Weereens baie dankie vir die onderrig van Vlieg-Vlinder-Vlieg. Ons is baie dankbaar. Vul asseblief hierdie evalueringsvorm in, en stuur dit aan info@born2fly.org.

.

# Vir meer inligting

Born to Fly International, Inc.
PO Box 664
Fort Mill, South Carolina, 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

Indien jy graag ʼn bydrae tot ons werk om kinderhandel stop te sit, wil maak, kan jy dit op ons webwerf doen. Born2Fly is ʼn 501c3 nie-winsgewende organisasie, en alle donasies is in die Verenigde State belastingaftrekbaar.